

DIE ONTWIKKELING VAN DIE VERKLEINWOORDJIE  
IN AFRIKAANS

deur

GERT CHRISTOFFEL BRESLER

VOORGELE TER VERVULLING VAN 'N DEEL VAN  
DIE VEREISTE VIR DIE GRAAD

MAGISTER ARTIUM

IN DIE FAKULTEIT LETTERE EN WYSBEGEERTE  
UNIVERSITEIT VAN PRETORIA,  
PRETORIA.

DESEMBER 1967.

'n Woord Vooraf .....

'n Woord van hartlike dank aan mnr. M.C.J. van Rensburg, my leier, vir al sy moeite. Tweedens bedank ek professor H.J.J.M. van der Merwe van die Universiteit van Suid-Afrika vir al die kosbare tyd wat hy moes opoffer en veral dat hy ingestem het om sy samewerking te gee.

Mevrou Vorster, baie dankie vir die tikwerk.  
Laastens 'n woord van dank aan Nerine vir al haar hulp en bystand.

I N H O U D S O P G A W E

HOOFSTUK I:	DIE ONTWIKKELING VAN DIE VERKLEINWOORDJIE IN AFRIKAANS	2
1.1	Oorsig	
1.2	Metodologiese verantwoording	
1.3	Tydvakke	
1.4	Aard van die materiaal	
1.5.0	Kenmerke van die verkleinwoordjie	
5.1.0	Vorm van die verkleinwoord	
5.1.1	Vorm van die verkleiningsmorfeem	
5.2.0	Betekenis van die verkleinwoordjie	
5.2.1	Betekenis van die verkleiningsmorfeem	
5.2.2	'Verkleining'	
5.3.0	Sintaktiese struktureerbaarheid van die verkleinwoord	
1.6	Allomorfe	
1.7.0	Morfonologiese indeling	
7.1	Morfonologie	
7.2	Fonologies bepaalde alternante	
7.3	Klem of aksent	
7.4	Gedekte vokale en ongedekte vokale	
HOOFSTUK II:	DIE VERKLEINWOORDJIE BY JAN VAN RIEBEEK	21
2.1	Agtergrond, taal en teks	
2.2	Morfonologiese indeling	
2.3	Fonologies bepaalde alternante	
3.1	Die /-tjən/-vorm	
3.2	Die /-tjə/-vorm	
3.3	Die /-ti/-vorm	
3.4	Die /-ətjən/-vorm	
3.5	Die /-əkən/-vorm	
3.6	Die /-əntjə/-vorm	
3.7	Die /-jən/-vorm	
3.8	Die /-jə/-vorm	
3.9	Die /-kən/-vorm	
3.10	Die /-in/-vorm	
3.11	Die /-tin/-vorm	
3.12	Die /-ptjə/-vorm	
3.13	Die /-tgan/-vorm	
3.14	Die /-tji/-vorm	
2.4	Die verlies van die /n/-variant	
2.5	Die verlies van die /t/-variant	
2.6	Die verlies van die /j/-variant	
2.7	Die ie-houdendheid	
2.8	Fakultatiewe variante	

/...

2.9	Opmerkings oor sekere van verkleiningsmorfeme	
2.10	Gevolgtrekkings	
HOOFSTUK III: DIE VERKLEINWOORD BY FRANCOIS DE CUIPER		
	1725	34
3.1	Agtergrond, taal en teks	
3.2	'n Morfonologiese indeling van die verkleiningsmorfeme	
3.3.0	Die /-tjə/-vorm	
3.2	Die /-ətjə/-vorm	
3.3	Die /-jə/-vorm	
3.4	Die /-jən/-vorm	
3.4	Soorte verkleiningsmorfeme	
3.5	Die verlies van /n/-variant	
3.6	Die verlies van /t/-variant	
3.7	Die totale afwesigheid van verkleiningsmorfeme met /k/-variant	
3.8	Die {-ətjə} verkleiningsmorfeme	
3.9	Die ie-houdendheid	
HOOFSTUK IV: DIE VERKLEINWOORD IN DIE TAAL VAN JOHANNA DUMINY 1797		39
4.1	Agtergrond, taal en teks	
4.2	'n Morfonologiese indeling van die verkleiningsmorfeme by Johanna Duminy	
4.3.0	Fonologies bepaalde alternante	
3.1	Die /the/-vorm	
3.2	Die /che/-vorm	
3.3	Die /tə/-vorm	
3.4	Die /-i/-vorm	
3.5	Die /-pi/-vorm	
3.6	Die /-ə/-vorm	
4.4	Soorte verkleiningsmorfeme by Duminy - bespreking	
4.5	Die /h/-variant	
4.6	Morfeemgrense	
4.7	Die ie-houdendheid	
4.8	Onselfstandige stamme	
HOOFSTUK V: 'N BESPREKING VAN DIE VERKLEINWOORDJIE IN DIE TAALGEBRUIK VAN LOUIS TREGARDT 1836-1838		45
5.1	Agtergrond, taal en teks	
5.2	'n Morfonologiese indeling van die verkleiningsmorfeme by Tregardt	
5.3.0	Fonologies bepaalde alternante	
3.1	Die /-tjə/-vorm	
3.2	Die /ətjə/-vorm	
3.3	Die /-ətji/-vorm	
		/...

- 3.4 Die /-i/-vorm
  - 3.5 Die /-jə/-vorm
  - 3.6 Die /-ti/-vorm
  - 3.7 Die /-pi/-vorm
  - 5.4 Samevatting van die spreiding van die verkleiningsmorfeme
  - 5.5 Fakultatiewe variante
  - 5.6 Medeparadigmatiesbepaalde vorme
  - 5.7 Onreëlmatige aanwending van die verkleiningsmorfeme
  - 5.8 Die ie-houdende verkleiningsmorfeme
  - 5.9 Vormvastheid en afslyting
  - 5.10 Faktore wat die modifikasie van die verkleiningsmorfeem bepaal
- HOOFSTUK VI: DIE VERKLEINWOORDJIE BY S.J. DU TOIT IN DIE TYDVAK 1895 60
- 6.1 Agtergrond, taal en teks
  - 6.2 'n Morfonologiese indeling van die verkleiningsmorfeem soos geopenbaar in die taalgebruik van Du Toit
  - 6.3.0 Fonologies bepaalde alternante
    - 3.1 Die /-tji/-vorm
    - 3.2 Die /-ətji/-vorm
    - 3.3 Die /-i/-vorm
    - 3.4 Die /-pi/-vorm
    - 3.5 Die /-ji/-vorm
  - 6.4 Afwesigheid van die {-ki}-verkleiningsmorfeem
  - 6.5 Samevatting van die spreiding van die verkleiningsmorfeme
  - 6.6 Medeparadigmatiesbepaalde vorme
  - 6.7 Onreëlmatige spreiding van sekere verkleiningsmorfeme
  - 6.8 Die ie-houdendheid
  - 6.9 Vormvastheid
- HOOFSTUK VII: DIE VERKLEINWOORD IN AFRIKAANS VOLGENS KEMPEN 1940 69
- 7.1 Agtergrond
  - 7.2 Morfonologiese indeling van die verkleiningsmorfeem
  - 7.3.0 Fonologies bepaalde alternante
    - 3.1 Die /-tji/-vorm
    - 3.2 Die /-ətji/-vorm
    - 3.3 Die /-i/-vorm
    - 3.4 Die /-ji/-vorm
    - 3.5 Die /-pi/-vorm
    - 3.6 Die /-ki/-vorm

iv.

- 7.4 Samevatting van die spreiding van die verkleiningsmorfeem
- 7.5 Die basiese of verteenwoordigende verkleiningsmorfeem
- 7.6 Onreëlmatige spreiding van sekere verkleiningsmorfeme
- 7.7 Vormvastheid en slytasie

HOOFSTUK VIII: 'N DIACHRONIESE OORSIG VAN DIE ONTWIKKELING  
VAN DIE VERKLEININGSMORFEEM VANAF 1652  
TOT 1940 OP AFRIKAANSE BODEM 78

- 8.1 'n Diachroniese vergelyking
- 8.2 Indeling van die verkleiningsmorfeme in tydvakke
- 8.3.0 Die ontwikkeling van die {-tjə}-verkleiningsmorfeem
- 8.4 Die ontwikkeling van die {-ətjə}-verkleiningsmorfeem
- 8.5 Die ontwikkeling van die {-ptjə}-verkleiningsmorfeem
- 8.6 Die ontwikkeling van die {-jə}-verkleiningsmorfeem na slotfoneme /f, x, k, l, p, s/
- 8.7 Die ontwikkeling van die {-jə}-verkleiningsmorfeem na slotfoneem /-t/
- 8.8 Die ontwikkeling van die {-ki}-verkleiningsmorfeem
- 8.9 'n Illustrasie van die ontwikkeling van vormvastheid en slytasie
- 8.10 Die ontwikkeling van die [i]-klank in die verkleiningsmorfeem
- 8.11 Fakultatiewe variante
- 8.12 Slotopmerking

H O O F S T U K I

DIE ONTWIKKELING VAN DIE VERKLEINWOORDJIE  
IN AFRIKAANS

- 1.1 Oorsig
- 1.2 Metodologiese verantwoording
- 1.3 Tydvakke
- 1.4 Aard van die materiaal
  
- 1.5.0 Kenmerke van die verkleinwoordjie
  - 5.1.0 Vorm van die verkleinwoord
    - 5.1.1 Vorm van die verkleiningsmorfeem
  - 5.2.0 Betekenis van die verkleinwoordjie
    - 5.2.1 Betekenis van die verkleiningsmorfeem
    - 5.2.2 'Verkleining'
  - 5.3.0 Sintaktiese struktureerbaarheid van die verkleinwoord
  
- 1.6 Allomorfe
  
- 1.7.0 Morfonologiese indeling
  - 7.1 Morfonologie
  - 7.2 Fonologies bepaalde alternante
  - 7.3 Klem of aksent
  - 7.4 Gedekte vokale en ongedekte vokale

## H O O F S T U K I

### DIE ONTWIKKELING VAN DIE VERKLEINWOORDJIE IN AFRIKAANS

#### 1.1 Oorsig

Soos blyk uit die titel is die doel van die verhandeling om 'n vlugtige oorsig te skets van die ontwikkeling van die verkleinwoordjie op Afrikaanse bodem. (Die verkleinwoordjie dui 'verkleining' aan en word onder 1.5 bespreek). Die verhandeling is meer toegespits op die ontwikkeling van die verkleiningsmorfeem wat onder 1.5.1 en 1.5.2 bespreek word. Laasgenoemde word nooit geïsoleerd aangetref nie en daarom is dit noodsaaklik dat die verkleinwoord in sy geheel gehanteer word (Cohen, 1958, p. 41).

#### 1.2 Metodologiese verantwoording

Die metode wat gevolg is, kan as volg uiteengesit word. Die verkleiningsmorfeem word sinchronies beskryf in ses verskillende tydvakke wat chronologies op mekaar volg. Ruweg strek die tydperk vanaf 1652 tot 1940. Uit die volgende aanhaling blyk dit duidelik wat met sinchroniese taalbeskrywing bedoel word:

„As die taal op 'n gegewe oomblik - d.w.s. sinchronies beskou en beskryf word, blyk dit dat taal 'n

/... georganiseerde

---

Referensietegniek: Die verwysings is volgens die Harvard-metode soos uiteengesit deur Roux (1967, p.p. 12-5). Die verwysingstegniek is egter nie slaafs nagevolg nie. Ondersoeker het op eie inisiatief enkele wysigings aangebring om aan te pas in die verhandeling.



georganiseerde sisteem is wat in die bewussyn van 'n gegewe gemeenskap van sprekers bestaan" (Raidt, 1967, p.p. 20-1).

Nadat elke tydvak sinchronies beskryf is, volg 'n diachroniese vergelyking van die verkleinwoord soos geopenbaar in die verskillende tydvakke. Uit die vergelyking sal die ontwikkelingsgang van die Afrikaanse verkleiningsmorfeem aan te toon wees.

Sinchroniese en diachroniese taalstudie is in sekere gevalle moeilik te skei. Raidt (1967, p.20) skets die probleem van skeiding tussen dié twee dissiplines as volg: "Therefore the question is raised, must the separation of the two linguistic disciplines be strictly observed, or may the linguist - in describing a system on synchronic level - recognize certain forms as remnants of an older stage of a system, provided - of course - that this reference to historical processes simplifies and clarifies the description of the system?"

Certain aspects of Afrikaans morphology, the adjectival inflection and the plural formation, are shortly examined in regard to the usefulness of a diachronic complementation in a synchronic description ". By die genoemde byvoeglike naamwoordsverbuiging en meervoudsvorming kan ook die verkleinwoordsvorming in Afrikaans gevoeg word.

'n Streng skeiding tussen die twee dissiplines kan sake in sekere gevalle baie bemoeilik of vertroebel in plaas van te vergemaklik en op te helder.

/... Cohen

Cohen (1958, -. 44) sou miskien verder met sy indeling van die Nederlandse diminutiefsuffiks kon gekom het as hy nie so streng by 'n sinchroniese beskrywing gehou het nie. Met sekere vorme in die Nederlandse taal soos weggetje, pakkie en poppetje weet Cohen geen beter raad as om die vorme as onreëlmatige vorme te beskou nie. 'n Diachroniese verklaring kan in die geval 'n beter oplossing bied deur sulke vorme as argaïsmes uit te wys. Die volgende aanhaling van Raidt (1967, p. 21) onderstreep die probleem. „Een van die gevolge van die verworping van diachronie is juis dat dit verklarings van verskynsels soos argaïsmes en relike onmoontlik maak.” Verder konstateer Raidt (1967, p. 21): „Die doel van taalbeskouing is immers om so kort, presies en eenvoudig moontlik die sisteem bloot te lê. Waar ons egter by 'n sinchroniese ondersoek op reste van 'n ouer sisteem stuit, laat die streng sinchroniese metode net twee moontlikhede oop: ons kan óf die onreëlmatigheid in die sisteem konstateer en dit daarby laat, óf deur 'n dikwels uiters ingewikkelde proses die onreëlmatigheid probeer wegwerk. Die vraag word gestel of dit in so 'n geval nie wenslik is om kortliks die diachroniese feit te erken en in die breuk 'n relik van 'n ouer of die begin van 'n nuwe sisteemontwikkeling te sien nie?” (Raidt, 1967. p. 25). Dit wil egter nie impliseer dat alle sodanige probleme op analoge wyse opgelos kan word nie. Sinchroniese taalbeskrywing sowel as diachroniese taalbeskrywing bied geen oplossing vir die onreëlmatige omie teenoor die reëlmatige oompie. Eersgenoemde is nie onder reëls te bring nie, terwyl die laasgenoemde reëlmatige vorm wel

/... onder

onder reëls te bring is.

In die verhandeling is dit dan ook nodig gevind om diachroniese taalbeskrywing en sinchroniese taalbeskrywing aanvullend toe te pas, eerder dat die een die ander uitsluit. „From recent papers and the remarks of a number of leading linguistics it would seem that these two disciplines are now seen as complementing rather than excluding each other" (Raidt, 1967, p. 20). Ook De Groot (1962, p. 6) wys daarop dat diachroniese taalwetenskap alleen moontlik is op sinchroniese grondslag. Die twee dissiplines word dan ook op dié wyse in die verhandeling toegepas.

### 1.3 Die Tydvakke

Die eerste tydvak strek van 1651 tot 1656. Die materiaal vir die tydvak is geëkserpeer uit die Dagregister van Jan van Riebeeck (Bosman & Thom, 1955). Die tweede tydvak 1725 se materiaal is geneem uit die Dagregister van Francois de Cuiper (Van der Merwe, 1964). Uit die Dagboekie van Johanna Duminy is materiaal geëkserpeer wat die tydvak 1797 dek (Franken, 1938, p.p. 97-110). Die vierde periode, naamlik 1836 tot 1838 se materiaal is afkomstig uit die Dagboek van Louis Trigardt (Le Roux, 1966). Du Toit se taalgebruik is vir die periode 1895 gekies (Du Toit, 1895). Vir die sesde tydvak is die beskrywing van die verkleinwoordjie deur Kempen as uitgangspunt gekies (Kempen, 1940).

Uit bogaande is dit duidelik dat die idiolek van vyf persone gekies is om vyf verskillende tydvakke te dek.

/... Die

Die vyf persone is naamlik Van Riebeeck, De Cuiper, Duminy, Tregardt en Du Toit. 'n Idiolek is die bousteen van 'n taal, of soos Hockett (1959, p. 322) dit stel: „'n Taal is weer 'n versameling van min of meer dieselfde idiolekte ". Verder sê Hockett (p. 321): „The firmest point of departure for synchronic dialectology is the idiolect. Generally speaking the totality of speech habits of a single person at a given time constitutes an idiolect ".

#### 1.4 Aard van die Materiaal

Aangesien die studie net van tekste gebruik maak, is net die geskrewe beeld as voorwerp van ondersoek gebruik. Lehmann (1963, p. 63) word in die verband aangehaal: „Materials of concern in historical linguistics are available only through written records, called texts. In order to interpret texts adequately a historical linguist must be equipped to deal with the writing system used to record them, even though he uses a standard transliteration ". (Hockett (1959, p. 539) stel dit as volg: „Though writing is not the linguist's primary concern, he is interested in it as any educated member of our society of course is, and also for two special reasons. One is that our records of past speech until the extremely recent invention of the phonograph, take the form exclusively of documents and inscriptions. The other is that writing is itself of tremendous importance in human life, and that the nature and history of writing can only be clearly understood in terms of the working of language ".

/... Baie

Baie taalwetenskaplikes beskou alle vorme van skrif as buite die taal en beperk hulle dus tot die gesproke taal alleen. Die verhouding tussen die gesproke taal en die geskrewe beeld kan egter so nou wees dat „many of the same methods of study can be used in dealing with both and the structures revealed in many respects similar" (Gleason, 1960, p. 301). Nietemin moet in gedagte gehou word dat, alhoewel die geskrewe taal basies die weerspieëling is van die gesproke taal, dit nogtans baie selde - vanweë sy kunsmatigheid en vele gebreke - 'n eksakte weerspieëling is (Gleason, 1960, p. 318).

Deurgaans is gebruik gemaak van diplomatiese tekste. 'n Diplomatieuse teks toon 'n groot ooreenkoms met die oorspronklike handskrif. Die (oor)s krywer van sodanige handskrif mag nie op eie inisiatief veranderings aan die teks wat hy opstel, te weeg bring nie. Teenoor die diplomatieuse teks word die kritiese teks aangetref. In laasgenoemde teks staan dit die opsteller vry om volgens eie diskresie veranderings aan te bring. As voorbeeld kan die diplomatieuse tekste van Trigardt se Dagboek deur Van der Merwe (1964) en Le Roux (1966) vergelyk word met die kritiese uitgawe van genoemde Dagboek deur Preller (1938). Ten aanvang by elke hoofstuk volg daar 'n kort bespreking van die gebruikte teks in die verhandeling.

#### 1.5 Kenmerke van die verkleinwoordjie

In die taalgebruik self, die enigste direkte gegewe van die taalondersoeker, openbaar die verkleinwoordjie

/... homself

homself as 'n woord met sekere unieke eienskappe (Reichling, 1965, p. 14). Met unieke eienskappe word hier bedoel sekere eienskappe ten opsigte van vorm, betekenis en sintaktiese struktureerbaarheid wat eie is aan die verkleinwoord. Vrome soos pootjie (werkwoord) (Kempen, 1940, p. 21) en mooitjies (Kempen, 1962, p. 382) word deur baie ondersoekers as verkleinwoorde beskou. Dit lei daartoe dat die term verkleinwoordjie te swaar belas word. Hieruit volg dat dit 'n lompe onhanteerbare begrip word. Met die tradisionele indeling van die verkleinwoordjie word dus baie moeilik gewerk.

'n Bespreking van die drie afsonderlike eienskappe van die verkleinwoord volg. Dit word gedoen sodat 'n duidelike beeld verkry kan word van wat met die verkleinwoord bedoel word.

#### 1.5.1.0 Die Vorm van die verkleinwoord

Wat vorm betref, is die verkleinwoord in Afrikaans deurgaans 'n plurimorfeem (De Villiers, 1965, p.161). Die enigste uitsondering is bietjie wat 'n woordmorfeem is. Die stam is hier die verkleinwoordjie (1965, p. 161). Tans gee Roose (1964, p. 15) die volgende bevredigende definisie van 'n stam naamlik „onder een stem verstaan we een woord zonder flexie-elementen of het woorddeel dat overblijft indien men van een woord met flexie-elementen de laatste 'aftrek' (bv. het element boek van boeken)”. Gleason (1960, p. 59) sien dit weer as 'n proses van sintese, naamlik as enige morfeem of kombinasie van morfeme waaraan 'n affiks gevoeg

/... kan

kan word. Die verkleinwoord bestaan uit 'n stam (enkelvoudig of samegesteld) plus 'n verkleiningsmorfeem. Die verkleiningsmorfeem word aan die auslout van die stam of samestelling gevoeg (Cohen, 1958, p. 40). In gevalle waar 'n vormvaste diminutief die eerste deel van 'n samestelling vorm, word die verkleiningsmorfeem in die inlout aange-tref. Kempen (1940, p. 14) noem die voorbeeld vuurhoutjiedoos. Onthou moet egter word dat die eerste woorddeel van 'n samestelling sy selfstandig-hed verloor. Dit wil sê dat die selfstandige naamwoord, in die vorm van die verkleinwoord, as eerste deel van 'n samestelling nie verkleining kan aandui nie, of meervoudsvorming kan ondergaan nie. Kempen (1962, p. 79) stel dit soos volg: „Die laaste deel van die kompositum dra gewoonlik die kernbetekenis van die gheel: karperde is perde, 'n perdekar is 'n kar, blikkiesmelk is melk ”.

Tot dusver is dikwels van morfeem gepraat sonder om te sê wat dit is. 'n Morfeem is die kleinste element in die taal met vorm en betekenis (Hockett, 1959, p. 123).

#### 1.5.1.1 Die vorm van die verkleiningsmorfeem

Die verkleiningsmorfeem het nie 'n vasgestelde vorm nie, maar dit word geopenbaar in verskillende wisselende vorme. Hierdie verskillende vorme word ook alternante genoem. Cohen (1958, p.p. 40-1) noem die analoge verskynsel in Nederlands modifikasies van die diminutiefsuffiks. Die modifikasies wat  
/... die



die verkleiningsmorfeem vertoon in Afrikaans is voorspelbaar van aard (De Villiers, 1965, p. 189). Die Voorspelbaarheid van die modifikasies berus op sekere variante. Die slotfoneem speel 'n bepalende rol by die vorm van die verkleiningsmorfeem asook klem en aard (ten opsigte van gedektheid teenoor ongedektheid) van die tweede laaste klinkerfoneem (Cohen, 1958, p. 44). Die verkleiningsmorfeem se wisselende vorme is dus fonologies gekondisioneer. Verkleiningsmorfeme in Afrikaans staan in komplementêre verspreiding tot mekaar. Gleason (1960, p. 80) stel duidelik wat onder komplementêre verspreiding verstaan word met die volgende woorde: „Two elements are said to be in complementary distribution if each occurs in certain environments in which the other never occurs - that is if there are no environments in which both occur ”.

Alhoewel die verkleiningsmorfeem in verskillende vorme geopenbaar word is dit in die taalwetenskap die gebruik om uit die verskillende vorme 'n basiese of verteenwoordigende morfeem te kies. Gleason (1955, p. 82) stel dit as volg: „In many instances it is desirable to select base forms of morphemes with care. Often one choice will permit of a relatively simple and convenient description of morphology and morphophonemics, whereas another will necessitate a much more complex and awkward statement.”.

Die verkleiningsmorfeem is 'n gebonde morfeem,  
/... want



want dit kan nie soos die woord geïsoleerd voorkom nie. Dit is dus altyd deel van 'n woord. Die toevoeging van die verkleiningsmorfeem aan die auslout van 'n woord sluit alle verdere toevoeging af, behalwe die een lid van die meervoudsmorfeem, naamlik die /s/-variant.

#### 1.5.2.0 Die betekenis van die verkleinwoordjie

Die betekenis van die verkleinwoordjie wat hier ter sprake is, is nie die individuele leksikale betekenis van die stam nie. Met betekenis word hier slegs na die kategoriale betekenis verwys. Hierdie kategoriale betekenis van verkleining is geleë in die verkleiningsmorfeem.

#### 1.5.2.1 Die betekenis van die verkleiningsmorfeem

Die verkleiningsmorfeem dra die betekenis ter aanduiding van verkleining. Die verkleiningsmorfeem vorm 'n grammatikale kategorie met 'n gemeenskaplike betekenisaspek (De Groot, 1962, p. 229). By 'n vergelyking van die twee vorme /ha:s/ teenoor /ha:si/ is dit duidelik dat die woorde ooreenkoms sowel as verskil vertoon. Beide wys dieselfde soort saak uit. Die {-i}-verkleiningsmorfeem dui egter op 'n verskil in grootte tussen die twee sake. Die twee sake staan in opposisie tot mekaar. Roose (1964, p. 15) gee De Groot se definisie van grammatikale kategorie as volg weer: „een verzameling eenheden die een betekenisaspect gemeen hebben en kenmerken voor dat betekenisaspect“. Voorts was hier ook sprake van betekenisopposisie wat 'n baie

/.. belangrike

belangrike uitgangspunt in die taalwetenskap is. Indien 'n taalondersoeker 'n taal nie primêr sien as 'n sisteem van betekenisopposisies nie, loop hy gevaar om tot dieselfde gevolgtrekking as Bloomfield te kom, naamlik: „However, it is impossible to set up a fully consistent scheme of parts of speech, because the word-classes overlap and cross each other" (Roose, 1964, p. 13).

In die verhandeling vind ons aansluiting wat hantering van materiaal betref by die volgende uitspraak van Roose (1964, p. 14): „Welnu, wie in zijn beschrijving van grammaticale kategorieën de betekenis niet of slechts als een bijkomstigheid wil betrekken, heeft ook geen oog voor de aard van de semantische opposities tussen grammaticale kategorieën onderling. Hij ziet ook geen verband tussen betekenisopposities en tegenstellingen op het stuk van de kenmerken en weet dan ook geen uitweg wanneer bijv. leden van evident verschillende woordsoorten een of meer kenmerken gemeen hebben ”.

Die verkleining opgesluit in die verkleiningsmorfeem verdien nadere toeligting.

#### 1.5.2.2 Die 'verkleining'

Die verkleining wat deur die verkleiningsmorfeem aangedui word, moet baie wyd gesien word (Kempen, 1940, p. 32). Dit kan dui op verkleining in die geval van voorwerpe, vermindering in die geval van hoeveelheid, verkorting in die geval van afstand, versagting in die geval van gevoel, afname in die  
/... geval

geval van intensiteit, vermindering in die geval van dunk of tydsduur. Woorde vir presiese tyd-  
stippe word nie verklein nie (Kempen, 1940, p. 18). Hennig Brinkmann (1960, p. 19) gee 'n aanduiding van hoe wyd die verkleining gesien moet word: „Wie die Lautgestalt so ist auch der inhaltliche Wert nicht einheitlich. Im allgemeinen wird der Wortwert zugleich verkleinert und in vertraute Nähe gerückt: Ein Gärtchen hat kleinere Ausmasse (in der Sehweise des Sprechers) und gehört ganz zu der intimen Welt des Menschen. Im Diminutivum verliert ein Wort seine sachliche Schwere. Bemerkenswert ist, dass die Diminuierung nicht dem Begriff zu gelten braucht, an dem sie erscheint; das Substantiv das diminuiert wird, kann einfach die Stelle sein, an der ein Sprecher sein intimes Verhältnis zum Partner kennzeichnet. So ist es wenn eine Mutter ihr Kind zu Bett bringt und dabei sagt: So, jetzt machen wir ein schönes Schläfchen ". Dit is duidelik dat Schläfchen, alhoewel in die diminutiefvorm, nie na 'n klein slapie heenwys nie, maar eerder die houding van die spreker teenoor die genoemde saak te kenne gee. Die vermindering in afstand tussen spreker en saak word deur die verkleiningsmorfeem aangedui. Kempen (1963, p. 15) noem 'n parallelle geval in Afrikaans, maar is in sy verklaring van dié verkleining nie so duidelik soos Brinkmann nie. Kempen gee naamlik die volgende voorbeeld:  
„As iemand 'n bietjie koffietjies vra, bedoel hy stellig nie net 'n klein hoeveelheidjie nie: die diminutief heet "'n mooi manier om dit te vra,"

/... dit

dit wil sê hy doen daarmee ook 'n beroep op die gevoelens van die persoon wat die koffie sal moet verskaf ". Hoe hy egter die beroep doen, word nie verklaar nie. Uit die voorbeeld van Brinkmann is dit duidelik dat hier egter vermindering in afstand tussen spreker en hoorder is. Die diminutief is verantwoordelik vir die vermindering tussen die twee persone. Hulle word as ware nader aan mekaar getrek.

### 1.5.3 Die sintaktiese struktureerbaarheid van die verkleinwoord

Die verkleinwoordsvorming is 'n kenmerk van die selfstandige naamwoord. Die selfstandige naamwoord vertoon 'n sekere sintaktiese struktureerbaarheid (gebruiksmoontlikhede) wat ooreenstem met die van die selfstandige naamwoord (Roose, 1964, p. 16). Die verkleinwoord pas sintakties in die tipies-Afrikaanse konstruksie naamlik die klein boontjie (Van der Merwe, 1964, p. 67).

In verband met die konstruksie: klein + verkleinwoord, merk Le Roux (1947, p. 65) op dat daar in die 17de eeu 'n baie heterogene bevolkingsamestelling aan die Kaap was. Die groot aantal vreemdeling aan die Kaap in dié tyd het 'n behoefte laat ontstaan aan 'n nadruklike manier van praat. Le Roux (1947, p.p. 65-6) stel dit as volg: „Dit verklaar ook die Afrikaanse gebruik om in byna alle gevalle 'n verkleiningsuitgang te voeg aan 'n woord wat op klein volg: 'n klein mannetjie; dikwels ook aan 'n woord wat op kort en 'n paar ander b.nwe. volg: 'n kort /... storietjie".

storietjie".

Omdat nie ál die unieke eienskappe deurgaans in aanmerking geneem is nie, is woorde wat sekere kenmerke van die verkleinwoord vertoon het, ook as verkleinwoorde beskou. Net so min as wat vorm by die indeling genegeer kan word, net so min ook betekenis of die sintaktiese eienskappe. Een enkele eienskap, byvoorbeeld vorm alleen, kan nie 'n deurslaggewende rol speel by die indeling van woorde en verskillende woordsoorte nie. Daarom kan woorde soos mooitjies, stilletjies, netjies en ampertjies nie as verkleinwoorde beskou word nie. Genoemde woorde is wel vormverwante woorde maar voldoen nie aan die sintaktiese kenmerke vir 'n verkleinwoord nie. 'n Woord soos min impliseer wel verkleining maar vertoon nie die vorm van die verkleinwoord nie. Woorde moet dus dieselfde vorm, struktureerbaarheid en kategoriale betekenisaspek besit alvorens dit as 'n verkleinwoord geklassifiseer kan word. Die eienskap van sintaktiese struktureerbaarheid staan in die taalgebruik van De Groot bekend as die valensie van die woord (1962, p. 241).

## 1.6 Allomorfe

Uit voorafgaande is dit dus duidelik dat die verkleiningsmorfeem 'n sekere gemeenskaplike betekenisaspek vertoon. Reeds is aangetoon onder 1.5.1.1 dat die verkleiningsmorfeme in komplementêre verspreiding tot mekaar staan. Daarom kan die verkleiningsmorfeme as allomorfe van mekaar beskou word. Gleason (1960, p. 88) sit as volg uiteen onder watter voorwaardes elemente

/... as

as allomorfe beskou kan word: „Two elements can be considered as allomorphs of the same morpheme if:

- i. they have a common meaning,
- ii. they are in complementary distribution, and
- iii. they occur in parallel formations".

## 1.7 'n Morfonologiese indeling van die verkleiningsmorfeem

In elke tydvak word die verkleiningsmorfeme ingedeel volgens die patroon deur Cohen (1958, p.p. 40-5) gevolg, by sy indeling van die Nederlandse verkleiningsmorfeem.

### 1.7.1 Morfonologie

Die morfo(fo)nologie behandel die fonologiese struktuur van die morfeemvariante of alternante (Cohen, 1958, p. 40). Hierdie morfofonemiese „veranderings" is die veranderings wat opgemerk word as daar uitgegaan word van 'n basisvorm of verteenwoordigende allomorf (Gleason, 1960, p. 82). Dit is egter raadsaam om soos Cohen (1958, p.p. 40-1) die term "verandering" te vervang deur die term modifikasie. Eersgenoemde roep onmiddellik diachroniese assosiasies op. Die term "verandering" word in die laaste hoofstuk gebruik as die historiese ontwikkeling van die verkleiningsmorfeme aangetoon word.

Hierdie modifikasies wat die verkleiningsmorfeem by 'n sinchroniese beskrywing vertoon, is fonologies bepaal.

### 1.7.2 Fonologies bepaalde alternante

Gleason (1960, p. 62) wys op die Engelse meervoudsmorfeem { z } wat die volgende allomorfe het, byvoor-  
/... beeld

beeld /-z/, /-s/ en /-iz/ wat fonologies gekondisio-  
neer is. Dit wil sê dat die verskeie vorme net in  
sekere fonologiese gebiede voorkom. Die verklein-  
ingsmorfeem word egter ook deur sekere vorme geken-  
merk wat ook fonologies bepaald is. Die slotfoneem  
bepaal in baie gevalle die vorm van die verkleinings-  
morfeem. Naas die slotfoneem kan klem en aard van  
die tweede laaste klinkerfoneem ook 'n medebepalende  
rol speel op die vorm van die verkleiningsmorfeem.

### 1.7.3 Klem of aksent

In sekere gevalle speel klem 'n medebepalende rol  
in die vorm van die verkleiningsmorfeem. Dit word  
aan die hand van voorbeelde toegelig. As voorbeelde  
word koninkie en leerlingetjie geneem. In eersge-  
noemde geval is die slotklinkerfoneem onbeklemtoond  
koning. In die geval van leerling dra die slot-  
klinkerfoneem egter klem. Albei vorme eindig op  
/- əŋ /, tog verskil die twee woorde se verkleinings-  
morfeme. Die enigste ander variërende faktor is  
klem. Hieruit volg dat die klem van die slot-  
klinkerfoneem 'n mede-bepalende invloed uitoefen op  
die vorm van die verkleiningsmorfeem. (Cohen (1958,  
p. 44) toon aan dat klem ook in Nederlands in  
sekere gevalle 'n medebepalende rol speel by die  
vorm van die verkleiningsmorfeem.

Dit is dus nodig om 'n nadere omskrywing van klem  
te gee. Die volgerde aanhaling van Bloch & Trager  
(1942, p. 35) gee 'n insig in die aard van klem:  
„In the utterances of any speech community or of  
/... any



any single speaker, the objective degrees of loudness and levels of pitch form a continuous series of infinite gradations. Just how this continuum is to be broken up, just what grades of stress or tone are to be distinguished and marked in the transcription, will depend in every case on the internal economy of the language and on the specific purpose we have in view ". Vir die doel van die studie is dit egter net nodig om onderskeid te maak tussen vokale sonder klem voorgestel deur / ˘ / en vokale met swak klem / ˘ /.

#### 1.7.4 Gedekte en ongedekte vokale

Cohen (1958, p. 44) toon aan dat dit nodig is in Nederlands by die behandeling van die spreiding van die verkleiningsmorfeem om onderskeid te maak tussen gedekte en ongedekte vokale. By 'n bespreking van die spreiding van die verkleiningsmorfeem in Afrikaans is 'n skeiding tussen gedekte en ongedekte vokale in sekere gevalle ook 'n vereiste. Die stamme /bal/ en /ba:l/ word met mekaar geopponeer. In eersgenoemde geval is die tweede laaste klinkerfoneem gedek, terwyl die onderhawige klinkerfoneem in die tweede woord ongedek is. Foneties word 'n gedekte vokaal as volg voorgestel [a] en 'n ongedekte vokaal deur [a:] voorgestel.

Die verskil tussen gedekte vokale en ongedekte vokale word deur Bloch & Trager (1942, p. 34) as volg uiteengesit: „It is customary to speak of long and short vowels or (for some languages) of long and short consonants; but such a division, from the  
/... purely



purely phonetic point of view, is neither possible nor in accord with the facts ". Dieselfde verskynsel word deur De Groot (1962, pp. 45-6) gerekte en ongerekte klinkers genoem. De Groot verduidelik die onderskeid as volg: „De gerektheid ontstaan doordat de organen betrekkelijk lang in dezelfde stand blijven; vgl. de gerekte klinker in rose met de niet gerekte in rosse ". Die onderskeid tussen gedekte vokale en ongedekte vokale is in Afrikaans nie altyd maklik te tref nie (Kempen, 1940, p.p.4-5).

H O O F S T U K    I I

DIE VERKLEINWOORDJIE BY JAN VAN RIEBEEK

- 2.1            Agtergrond, taal en teks
- 2.2            Morfonologiese indeling
- 2.3            Fonologies bepaalde alternante
  - 3.1            Die /-tjən/-vorm
  - 3.2            Die /-tjə/-vorm
  - 3.3            Die /-ti/-vorm
  - 3.4            Die /-ətjən/-vorm
  - 3.5            Die /-əkən/-vorm
  - 3.6            Die /-əntjə/-vorm
  - 3.7            Die /-jən/-vorm
  - 3.8            Die /-jə/-vorm
  - 3.9            Die /-kən/-vorm
  - 3.10          Die /-in/-vorm
  - 3.11          Die /-tin/-vorm
  - 3.12          Die /-ptjə/-vorm
  - 3.13          Die /-tgən/-vorm
  - 3.14          Die /-tji/-vorm
- 2.4            Die verlies van die /n/-variant
- 2.5            Die verlies van die /t/-variant
- 2.6            Die verlies van die /j/-variant
- 2.7            Die ie-houdendheid
- 2.8            Fakultatiewe variante
- 2.9            Opmerkings oor sekere van verkleiningsmorfeme
- 2.10          Gevolgtrekkings

## H O O F S T U K    I I

### DIE VERKLEINWOORDJIE BY JAN VAN RIEBEECK

#### 2.1 Agtergrond, taal en teks

Jan van Reibeeck is afkomstig uit die buurt van Culemborg en Wijk - bij - Duurstede, waar die drie provinsies Suid-Holland, Utrecht en Gelderland bymekaar kom (Bosman & Thom, 1955, p. xvii). Hy geniet 'n goeie opvoeding en lê eksamens af in chirurgie en word toegelaat tot die chirurgynsgilde. Later doen Van Riebeeck administratiewe werk vir die Hollands-Oos-Indiese Kompanje. In hierdie tydperk leer hy ook skrywe in die offisiële kanselarytaal van die tyd (1955, p. xvii). Later word Van Riebeeck na die Kaap gestuur en die Here Sewentien gee aan hom die opdrag om 'n dagregister te hou van alles wat gebeur op sy sending.

Wat die taal van Van Riebeeck betref, bedien hy homself van 'n rykdom van vorme. In die 17de eeu was daar 'n rykdom van dialekte in Nederland. Byna elke provinsie het 'n eie taal gehad. Kloeke (1952, p.p. 69-96) wys op die rykdom van verkleiningsmorfeme wat aangetref is in die verskillende dialekte van die tyd. Van Riebeeck self bedien hom van 'n rykdom van verkleiningsmorfeemvorme soos aanstons by die behandeling van die verkleinwoord aangetoon sal word.

Die teks waarvan gebruik gemaak is, is 'n getroue weergawe van die Haagse handskrif van die Dagregister. Die teks is in sy geheel en behoudens die gewone reëls vir die uitgee van dergelike historiese materiaal onver-

/... anderd

anderd afgedruk (p. xxx viii). Gelukkig vir hedendaagse ondersoekers van Van Riebeeck se taal kan hulle hulleself van die betroubare diplomatieuse teks van Bosman & Thom (1955) bedien. Hier moet genoem word dat die Kaapse handskrif 'n prioriteit geniet bo die Haagse handskrif (Van der Merwe, 1958, pp. 3-17). Kloeke (1950) moes met die onnoukeurige Brill-uitgawe werk wat afbreek gedoen het aan die waarde van sy werk.

Die verkleinwoordjie by Van Riebeeck is deur Van der Merwe (1960, p.p. 18-3) en Kloeke (1950, p. 295) reeds behandel. Die betrokke studie vind aansluiting by bogenoemde studies. Die rede waarom tot sover as 1652 terug gegaan moet word, lê opgesluit in die volgende woorde: „Om die ontwikkeling van Afrikaans behoorlik te volg, moet ons immers teruggaan tot die taal wat ons stamouers na die Kaap toe saamgebring het, maar dan moet die lotgevalle daarvan op Afrikaanse bodem voortgesit word" (Louw, 1948, p. 68). Die woorde dra veral krag as die ontwikkeling van die verkleinwoordjie in Afrikaans nagegaan wil word.

Die materiaal vir ondersoek is geëkserpeer uit die Daghregister Deel I en II wat onderskeidelik die tydvakke 1651 tot 1652 en dié van 1652-1656 dek (Bosman & Thom, 1955).

## 2.2 'n Morfonologiese indeling van die verkleiningsmorfeem by Jan van Riebeeck

Van Riebeeck bedien homself van 'n rykdom van verkleiningsmorfeme wat hy egter op 'n wisselende wyse aanwend. Dit bemoeilik die indeling van die verklein-

/...ingsmorfeem

ingsmorfeem by Van Riebeeck. Daarom kan ek ook nie anders as om saam te stem met die volgende versugting van Kloeke (1950, p. 289): „Een stellige gevolgtrekking uit de schrijfwijze der verkleinwoord valt niet te maken". Die rykdom van vorme aangetref in die tyd was 'n natuurlike verskynsel soos gekonstateer kon word deur die woorde van Louw (1948, p. 49). „Wat vormleer betref, kan ons vir die sewentiende eeu dus met 'n groot mate van waarskynlikheid 'n nog groter rykdom veronderstel as wat die dialekte vandag vertoon". Die idiolek van Van Riebeeck onderstreep die aanhaling. Die verkleiningsmorfeem openbaar homself in nie minder as 14 verskillende vorme by Van Riebeeck nie.

Die rykdom van verkleiningsmorfeme deur Van Riebeeck word morfonologies ingedeel. Kortliks kan aangestip word dat die morfonologie die fonologiese struktuur van die morfeemvariante behandel (Cohen, 1958, p.40). Vir 'n breedvoeriger bespreking van morfonologie word na 1.7.1 verwys.

### 2.3 Fonologies bepaalde alternante

Vanweë die wisselende aanwending van die verkleiningsmorfeem deur Van Riebeeck lyk dit byna asof spreiding die verkleiningsmorfeme by Van Riebeeck nie fonologies bepaald is nie. Die verkleiningsmorfeem by Van Riebeeck word gekenmerk deur die volgende vorme:

#### 2.3.1 Die /-tjən/-vorm word aangetref na slotfoneme

/l, x, n, r/ voorafgegaan deur 'n ongedekte vokaal of die toonlose [ə].

/...

myltjen	worteltjen
luchtjen	tochtjen
lijntjen	regentjen
muurtjen	ackertjen

2.3.2 Die /-tjə/-vorm word aangetref na slotfoneme /e, l, m, n, r/ voorafgegaan deur 'n ongedekte vokaal of die toonlose [ə]

snetje  
parltje  
appelboomtje  
thuyntje, santduyntje  
poffertje, coffertje, labbertje.

2.3.3 Die /-ti/-vorm word aangetref na slotfoneme /x, m/ voorafgegaan deur ongedekte vokale.

luchties  
boomties

2.3.4 Die /-ətjən/-vorm word aangetref na slotfoneem /l/ voorafgegaan deur 'n gedekte vokaal. (Sien 1.7.4 vir 'n verklaring van gedekte en ongedekte vokale)  
Dit word as volg voorgestel:

/V/ stel voor vokale of diftonge  
/V'/ stel gedekte vokale voor  
/V'l/ stel voor 'n slotfoneem /l/ voorafgegaan deur 'n gedekte vokaal.

bolletjen          overvalletjen

In dié voorbeelde word telkens 'n gedekte vokaal voor die slotfoneem /l/ aangetref.

2.3.5 Die /-əkən/-vorm word aangetref na slotfoneme /l, m, n/ voorafgegaan deur gedekte vokale. Verder  
/... is

is die vorm ook aangetref na slotfoneem /d/ voorafgegaan deur 'n konsonant.

walleken                      velleken  
commeken, lammeken, rammeken, manneken  
windeken, paerdeken

2.3.6 Die /-əntjə/-vorm word aangetref na slotfoneem /ŋ / voorafgegaan deur 'n gedekte vokaal.

Jongentje

2.3.7 Die /-jən/-vorm word aangetref na slotfoneme

/f, x, k, l, p, s, t/

kalffjen

luchjen                      vlaeghjen

brockjen                      galjoutsbouckjen

worteljen

troepjen, slapjen, skeepjen, tropjen

mutsjen, huysjen, bosjen

regenbuijtjen, spruijtjen, plaetjen

2.3.8 Die /-jə/-vorm word aangetref na slotfoneme

/f, k, s, t/

calfje

tabackje,                      hoekje

huisje,                      ossje

cleetje,                      huijtje

2.3.9 Die /-kən/-vorm word aangetref na slotfoneme

/f, l, p, r/

brieffken

cooperketelken

Skeepken

revierken

2.3.10 Die /-in/-vorm word aangetref na slotfoneme  
/x, p, s, t/

luchien, jachien  
scheepien  
bosien  
huttien

2.3.11 Die /tin/-vorm word aangetref na slotfoneem /n/.

brandwijntien  
zoontien

2.3.12 Die /-ptje/-vorm word aangetref na slotfoneem /m/  
voorafgegaan deur 'n ongedekte vokaal.

ruymptje

2.3.13 Die /-tgən /-vorm word aangetref na slotfoneem /x/.

vlagtgen

2.3.14 Die /-tji/-vorm word aangetref na slotfoneem /n/  
voorafgegaan deur 'n ongedekte klinkerfoneem.

tuintjie

2.4 Die verlies van die /n/-variant

Beide Kloeke (1950, p. 295) en Van der Merwe (1960, p. 21) toon aan dat daar verlies van die /n/-variant by sekere verkleiningsmorfeme by Van Riebeeck plaasgevind het. Dit is egter nodig om presies aan te toon waar sodanige verlies plaasgevind het. Die geval ackertjen gestel teenoor poffertje toon aan dat daar verlies van

/....



die /n/<sup>\*</sup>-variant in die verkleiningsmorfeem {-tjən} voorgekom het by Van Riebeeck. Die verkleiningsmorfeme {-kən} en {-əkən} toon nie verlies van die /n/-variant in die skryftaal van Van Riebeeck nie. Aan die anderkant vertoon die verkleiningsmorfeem {-jən} egter verlies van die /n/-variant, want die morfeem vertoon na slotfoneme /f, k, s, t/ 'n fakultatiewe variant {-jə}. Met ander woorde dit is die {-jən} verkleiningsmorfeem wat in sekere gevalle verlies van die /n/-variant vertoon. Aangesien die verkleiningsmorfeme {-tin} en {-ti} nie in dieselfde fonologiese gebied aangetref is nie, is dit moeilik om te konstateer of hier met 'n geval van verlies van die /n/-variant te doen is of met twee verskillende verkleiningsmorfeme. Ek wil egter beweer dat dit hier ook 'n geval van verlies van die /n/-variant is, maar dat die twee vorme bloot toevallig nie in dieselfde fonologiese gebied aangetref is nie.

## 2.5 Verlies van /t/-variant

Na slotfoneme /f, k, m, n, p, s, t/ tref die verlies van die /t/-variant die ondersoekers van die verkleiningsmorfeem by Van Riebeeck. Die belangrikheid van die verlies van die /t/-variant blyk uit die woorde van Van der Merwe (1960, p.p. 21-2): „Van besondere  
/... waarde

---

\* Kloeke (1952, p. 72) maak die volgende opmerking oor die verlies van die /n/-variant:

"Das n des holländischen -tjən wurde allerdings vermutlich in 15 Jh. schon nicht mehr ausgesprochen".

en verder dan weer "Es kann nicht um ein restituiertes n handeln. Neigungen zu einer Hyperproduktion von -n sind in dieser Utrechtsch - Gelderchen Grenzzone auch heutzutage unverkennbar." University of Pretoria

waarde is dat die uitstoot van -t- en -n- veelvuldig en gereeld voorkom ".

## 2.6 Verlies van /j/-variant

Verlies van die /j/-<sup>⌘</sup> variant word aangetref in sommige gevalle na slotfoneme /x, ~~ɣ~~, m, n, p, s, t/. Voorbeelde is onder andere vorme soos scheepien, bosien, zoontien en luchien. 'n Verklaring vir die verskynsel kan slegs diachronies gegee word. - sien voetnota.

## 2.7 Die ie-houdendheid

Met ie-houdendheid word bedoel dat die verkleiningsmorfeem 'n [i] -klank bevat. Uit 'n totaal van veertien verskillende vorme van die verkleiningsmorfeem is slegs vier verskillende verkleiningsvorme aangetref wat 'n [i] -klank vertoon. Laasgenoemde vier kom in die gebruik ook selde voor. Die verkleiningsmorfeme wat die [i]-klank bevat, vertoon dus 'n lae frekwensie. Die verkleiningsmorfeme wat die [i]-klank bevat is dus deur Van Riebeeck in 'n beperkte mate gebruik. Die onderdrukking van die [i]-klank in die verkleiningsmorfeem is 'n verskynsel wat nie net by Van Riebeeck in die tyd aangetref is nie, maar ook in die dialektiese gebied Utrecht vanwaar Van Riebeeck afkomstig

/... was

---

⌘ Kloeke (1952, p. 79) merk op:

"Ik volg nu de oude Zwolsche weg richting Wierden en krijg dan eerst te hooren pötten (de j is absoluut weg), wat verder pötjen (Hexel en Wierden) ".

was (Kloeke, 1952, p. 93). Dit is dus moontlik dat die vermyding<sup>\*</sup> van die [i]-klank in die verkleiningsmorfeem in Utrecht, in die taalgebruik van Van Riebeeck, bly voortleef het.

## 2.8 Fakultatiewe variante

Fakultatiewe variante word op grond van spreiding vasgestel. Kom twee of meer variante in dieselfde fonologiese gebied voor onder dieselfde omstandighede word die variante fakultatiewe of **vrye** variante genoem. Sodanige variante wissel dus vrylik met mekaar af. Aangesien Van Riebeeck boonop nog 'n rykdom van verskillende vorme aanwend, is dit moeilik om vas te stel watter verkleiningsmorfeme werklik **vrye** variante is.

Die probleem word in 'n mate uit die weg geruim deur eers 'n verteenwoordigende verkleiningsmorfeem te kies. 'n Verteenwoordigende verkleiningsmorfeem word in die geval van die verkleiningsmorfeem by Van Riebeeck gekies op grond van die grootte van die spreidingsgebied van die morfeem. Die morfeem met die grootste spreidingsgebied word as verteenwoordigende morfeem gekies. Volgens die kriterium word {*-tjə*} as basiese of verteenwoordigende verkleiningsmorfeem by Van Riebeeck gekies. Die betrokke vorm kom voor na vyf slotfoneme uit 'n groot totaal van 11 slotfoneme.

/... Verder

---

\* Kloeke (1952, p. 96) merk die volgende oor ie-houdendheid op: "Ungeklärt bleibt das völlige Untertauchen der i-haltigen Endungen, während doch in der Mundart von Stadt und Provinz fast regelässig Endungen mit i gesprochen werden".

Verder merk Kloeke (p. 93) in dieselfde verband op: "Aus den Rechnungen van de Buurkerk in de 15de eeuw, muss man freilich schliessen, dass in der Utrechter Schriftsprache des 15 Jahrhunderts keine i-haltigen Diminutiva vorkamen",

Verder kan genoem word dat die betrokke vorm ook 'n redelike hoë frekwensie vertoon. Die keuse van 'n basiese morfeem by Van Riebeeck is egter moeilik aangesien 'n vorm soos  $\{-tj\grave{a}n\}$  groot ooreenkoms vertoon met die  $\{-tj\grave{a}\}$  verkleiningsmorfeem (Gleason, 1960, p. 82).

Met  $\{-tj\grave{a}\}$  as basiese morfeem kan die volgende gekonstateer word in verband met fakultatiewe variante by Van Riebeeck. Die basiese verkleiningsmorfeem, naamlik  $\{-tj\grave{a}\}$  word in sekere gevalle vrylik afgewissel met sewe ander vorme.

$$\begin{array}{l}
 1. \{-tj\grave{a}\} \quad \times \{-tj\grave{a}n\} \quad \times \{-tin\} \quad \times \{-tg\grave{a}n\} \\
 \quad \quad \quad \times \{-ti\} \quad \times \{-k\grave{a}n\} \quad \times \{-in\} \\
 \quad \quad \quad \times \{-tji\}
 \end{array}$$

2. Die  $\{-\grave{a}tj\grave{a}n\}$  vorm toon ook in sekere fonologiese gebiede wisselvorme onder dieselfde toestande. Met laasgenoemde toestand word bedoel dat relevante slotfoneme voorafgegaan word deur gedekte klinkerfoneme.

$$\{-\grave{a}tj\grave{a}\} \quad \times \quad \{-\acute{a}k\grave{a}n\} \quad \times \quad \{-\grave{a}n\ tj\grave{a}\}$$

3. Die vorme  $\{-j\grave{a}\}$  en  $\{-j\grave{a}n\}$  word vrylik afgewissel na slotfoneme /f, k, s, t/ in die skryftaal van Van Riebeeck.

## 2.9 Opmerkings oor sekere verkleiningsmorfeme

Na slotfoneme /l, n, r, ~~x~~/ word die  $\{-tj\grave{a}n\}$  verkleiningsmorfeem aangetref. Die morfeem vertoon egter verlies van die /n/-variant in sekere gebruiksgewone gevalle (p. 33). Die vorme  $\{-tj\grave{a}\}$  en  $\{-tj\grave{a}n\}$  word vrylik afgewissel  
 /... wissel

wissel in die idiolek van Van Riebeeck na slotfoneme /l, n, r/.

In die vorm {-tji} moet gesien word die tendens of die beginpunt tot 'n nuwe vorm in die verkleiningsmorfeem (Raidt, 1967, p. 21). Die betrokke morfeem is slegs een keer aangetref en kan gesien word as 'n prototipe van die later volbloed Afrikaanse verkleiningsmorfeem {-tji}. Teenoor die {-tji} vorm word die {-tgən} \* vorm gestel.

Kloeke (1950, p.p. 135-6) noem die {-ti} verkleiningsmorfeem die "[ t'I] diminutiva". Sy verklaring is dat die [i]-klank in die geval swak uitgespreek is en dat dit eintlik 'n spellingsvariant van die vorm {-tjə} is. Dit is te betwyfel of die skryftaal 'n [i]-klank sou laat sien waar sodanige klank nie gehoor is nie. Die teenoorgestelde verskynsel doen hom wel voor. Hierdie verklaring weg van die [i]-klank bevredig nie, want die [i]-klank is 'n dialektiese verskynsel met volle bestaansreg.

Die {-jə} -verkleiningsmorfeem kom voor na slotfoneme /f, k, s, t/. Verlies van /t/-variant by die vorm is reeds aangestip (Van der Merwe, 1960, p. 21-2). Dié verkleiningsmorfeem vertoon egter geen vrye variante wat 'n [i]-klank bevat soos Kloeke (1950, p. 295)

/... beweer

---

\* Oor die vorm maak Kloeke (1952, p. 94) die volgende opmerking:

"Aus den Rekeningen von de Buurkerk nenne ich zunächst noch einige Beispiele vom selben Typus wie ihn Beets schon festgestellt hat (Eigennamen sind mit verzeichnet)":  
en dan noem Kloeke onder andere die volgende vorme:  
hoerntgen belytgen.

beweer nie. Kloeke noem gevalle waar die laaste klank verdubbel en 'n [i]-klank bygekry word. Onder andere noem Kloeke vorme soos wyffie (p. 61). Bosman & Thom Deel II (1955, p. 61) se teks lewer slegs wijffen. Ook Van der Merwe (1960, p. 21) merk op: „Kloeke se wyffie kom nie in my fragmente voor nie ”.

In die verkleiningsmorfeem  $\{-ptjə\}$  <sup>‡</sup> moet die aanwesigheid van die [p] na [m] aangestip word. Albei is bilabiaale klanke en dit wil voorkom of die [m] hier vereis, om opgevolg te word deur 'n maklik assimileerbare klank (De Villiers, 1965, p. 67).

## 2.10 Gevolgtrekking

Die groot verskeidenheid van verkleiningsmorfeemvorme by Van Riebeeck aangetref, is 'n voortsetting van die verskillende verkleiningsmorfeme afkomstig uit die verskeie dialekgebiede (Kloeke, 1952, p.p. 69-96). In sy idiolek vertoon die spreiding van die verkleiningsmorfeme nie deurgaans 'n vaste patroon nie.

---

‡ Kloeke (1952, p. 85) maak die volgende opmerking rakende 'n vormverwante verkleiningsmorfeem as hy 'n ou Schocklander ondervra: „Ferner finde ich in meinem Material noch lämpin (zu lamp) us.w.”.

H O O F S T U K    I I I

DIE    VERKLEINWOORD    BY    FRANCOIS    DE    CUIPER  
1725

INHOUDSOPGAWE

- 3.1                    Agtergrond, taal en teks
- 3.2                    'n Morfonologiese indeling van die  
                              verkleiningsmorfeme
- 3.3.0                  Fonologies bepaalde alternante
  - 3.1                    Die /-tjə/-vorm
  - 3.2                    Die /-ətjə/-vorm
  - 3.3                    Die /-jə/-vorm
  - 3.4                    Die /-jən/-vorm
- 3.4                    Soorte verkleiningsmorfeme
- 3.5                    Die verlies van /n/-variant
- 3.6                    Die verlies van /t/-variant
- 3.7                    Die totale afwesigheid van verkleinings-  
                              morfeem met /k/-variant
- 3.8                    Die { -ətjə } verkleiningsmorfeem
- 3.9                    Die ie-houdendheid

H O O F S T U K    I I I

DIE VERKLEINWOORD BY FRANCOIS DE CUIPER  
1725

3.1 Agtergrond, taal en teks

In opdrag van die Provinsiale hoof en sy Raad het Francois de Cuiper en sersant Joannes Mona op die 27ste Junie 1725 vertrek op 'n verkenningsreis na Inthowelle. (Inthowelle is blykbaar 'n plek geleë êrens aan die Olifantsrivier.) Op hierdie reis het De Cuiper net soos Van Riebeeck 'n dagregister gehou. Die dagregister van De Cuiper dien as bron vir die ekserpering van materiaal (Van der Merwe, 1964, p.p. 185-209).

Dit was 'n amptelike sending en is dus soos te verwagte geskryf in die amptelike taal van die tyd. Deurgaans toon amptelike bronne egter 'n baie lae gebruiksvorkoms van verkleinwoorde, aangesien dit geskryf is in nugtere saaklike taal.

3.2 'n Morfonologiese indeling van die verkleiningsmorfeem by De Cuiper

Vir wat presies met so 'n indeling bedoel word, verwys ek na Hoofstuk I, paragraaf 1.8.1, van hierdie verhandeling.

3.3 Fonologies bepaalde alternante:

Die verkleiningsmorfeem word gekenmerk deur die volgende vorme in die taalgebruik van De Cuiper:

3.3.1 Die /-tja/-vorm word aangetref na slotfoneme /r,n/

/...



watertje            reviertje  
beentje

3.3.2    Die /-ətjə/-vorm word aangetref na slotfoneem /x/  
bruggetje

3.3.3    Die /-jə/-vorm word aangetref na /f, s, t/  
snuijfje  
dansje            koebeesje  
presentje        plaatje

3.3.4    Die /-jən/-vorm word aangetref na slotfoneem /s/  
bossjen \*

#### 3.4    Soorte Verkleiningsmorfeme

Die volgende verkleiningsmorfeme word aangetref by De Cuiper naamlik { -tjə }, { -ətjə } en { -jə } met fakultatiewe variant { -jən } na slotfoneem /s/. (Dit is opvallend dat De Cuiper homself van slegs 'n viertal verskillende vorme van die verkleiningsmorfeme bedien teenoor die veertien vorme van Van Riebeeck.)

#### 3.5    Die verlies van /n/-variant

Die /n/-variant word slegs aangetref in die geval van bossjens (Van der Merwe, 1964, p. 207). Al die ander verkleiningsmorfeme toon egter nie een die aanwesigheid van die /n/-variant nie. Die { -jən }-verkleiningsmorfeme in die geval kan verklaar word

/... as

---

\* Die uitstoting van /n/-variant is 'n proses wat reeds in die 15de eeu voorgekom het (Kloeke, 1952, p. 75). In die tyd van Van Riebeeck was dit reeds voltrek (Van der Merwe, 1960, p. 21).

as 'n argaïstiese verkleiningsmorfeem, daar dit nog die /n/-variant bevat. Die {-jən} vorm en {-jə} word albei aangetref \* na slotfoneem /s/ en kan dus as vrye variante beskou word, maar waarvan die {-jən}-vorm uit gebruik raak.

### 3.6 Die verlies van /t/-variant

Verlies van die /t/-variant word by De Cuiper aangetref na slotfoneme /f, p en s/. Die afwesigheid van die /t/-variant na slotfoneem /t/ word begryplikerwys nie verlies van die /t/-variant genoem nie. Oor die verlies van die /t/-variant soos byvoorbeeld in koebeesjen merk Van der Merwe (1964, p. 191) in die voetnota op.

### 3.7 Die totale afwesigheid van verkleiningsmorfeem met /k/-variant

By De Cuiper is geen verkleiningsmorfeem aangetref wat die /k/-variant bevat nie.

### 3.8 Die {-ətjə} verkleiningsmorfeem

Na die slotfoneem /x/ is by De Cuiper die verkleiningsmorfeem {-ətjə} aangetref. Cohen (1958, p. 44)\* tref in resente Nederlands na die slotfoneem /x/ dieselfde verkleiningsmorfeem aan. Cohen noem dit 'n sogenaamde onreëlmatige vorm.

### 3.9 Die ie-houdendheid by De Cuiper

Opvallend genoeg laat die skrifbeeld by De Cuiper  
/... geen

---

\* Kloeke (1952, p. 91-2) noem 'n vorm vlaggetjen uit Spakenburg. Met verlies van die /n/-variant laat dit die vorm \* vlaggetje sien.

geen [i]-klank in die verkleiningsmorfeme sien nie. 'n Totale afwesigheid van die [i]-klank in die verkleiningsmorfeme kan nie sonder meer aanvaar word nie. Die totale afwesigheid daarvan in die skrifbeeld mag geleë wees in die feit dat De Cuiper homself vanweë sy amptelike hoedanigheid skuldig gemaak het aan 'n hiperkorrekte skryfwyse. Die moontlikheid dat woorde soos dansje en snuijfje by De Cuiper by uitspraak 'n [i]-klank laat hoor het, is nie uitgesluit nie.

Uit die skrale aard van die materiaal verkry by De Cuiper moet saamgestem word met die volgende uitspraak van Scholtz as hy sê: „Kaaps gekleurde materiaal van voor 1750 is so skaars dat dit onmoontlik is om vir die tydperk tot enige vaste gevolgtrekkings te kom" (Scholtz, 1963, p. 15).

H O O F S T U K    I V

DIE VERKLEINWOORD IN DIE TAAL VAN JOHANNA DUMINY  
1797

INHOUDSOPGAWE

- 4.1        Agtergrond, taal en teks
- 4.2        'n Morfonologiese indeling van die verkleinings-  
            morfeem by Johanna Duminy
- 4.3.0     Fonologies bepaalde alternante
  - 3.1        Die /the/-vorm
  - 3.2        Die /che/-vorm
  - 3.3        Die /tə/-vorm
  - 3.4        Die /-i/-vorm
  - 3.5        Die /-pi/-vorm
  - 3.6        Die /-ə/-vorm
- 4.4        Soorte verkleiningsmorfeme by Duminy - bespreking
- 4.5        Die /h/-variant
- 4.6        Morfeemgrense
- 4.7        Die ie-houdendheid
- 4.8        Onselfstandige stamme

## H O O F S T U K    I V

### DIE VERKLEINWOORD IN DIE TAAL VAN JOHANNA DUMINY

1797

#### 4.1 Agtergrond, taal en teks

Die idiolek van Johanna Duminy verskaf materiaal in verband met die verkleiningsmorfeem vir die tydvak 1797. Die rede waarom juis die teks gekies is as bron kan geïllustreer word met die woorde van Scholtz: (1963, p. 10). „In ander weer, wat vlotter en sorgeloser geskrywe is proe 'n mens as 't ware die gesproke taal wat agter die skryfforme sit en dikwels daarin deurbreek - soos ook baie duidelik in die ‚Berigt‘ van Wikar en die Dagboekie van Duminy. Die ‚Afrikaanse‘ vorme wat ons in die eerste en laaste van bogenoemde tipes geskriftes vind, is betroubaarder as dié wat in die middelste tipe voorkom ”.

Die uitgawe van Franken (1938, pp. 79-110) van die Dagboekie van Johanna Duminy is gebruik as teks waaruit materiaal verkry is.

#### 4.2 'n Morfonologiese indeling van die verkleiningsmorfeem by Johanna Duminy

Wat hiermee bedoel word - verwys na 1.8 - 1.8.2

#### 4.3. Fonologies bepaalde alternante

Die verkleiningsmorfeem vertoon die volgende vorme in die idiolek van Johanna Duminy:

/...

4.3.1 Die /-the/-vorm word aangetref na slotfoneme  
/n, r/

leenthee

kuyierthee

4.3.2 Die /-che/-vorm na slotfoneem /s/

menschee

4.3.3 Die /-tə/-vorm na slotfoneem /l/

vogelte

4.3.4 Die /-i/-vorm na slotfoneme /f, k, s/

briefie            slavie

stukkie            steenbokkie

bossie,    glaasie,    plaasie,    huijsie

4.3.5 Die /-pi/-vorm na slotfoneem /m/

boompie

4.3.6 Die /-ə/-vorm na slotfoneem /t/

catte piering

4.4 Soorte Verkleiningsmorfeme by Duminy - bespreking

Franken (1953, p. 171) het reeds 'n paar opmerkings gemaak oor die verkleinwoord en die „verkleiningsuitgang“. Die verkleiningsmorfeem openbaar homself in vyf verskillende vorme naamlik { -the }, { -che }, { -tə }, { -i }, { -pi } en { -ə }.

4.5 Die /h/-variant

Die /h/-variant wat hier aangetref word, is opvallend. Duminy se skryftaal laat 'n /h/-variant sien wat toegeskryf kan word aan gebrekkige skryfkennis by Duminy.

#### 4.6 Morfeemgrense

De Villiers (1965, p. 180) maak die volgende opmerking in verband met die vasstelling van morfeemgrense: „Een van die grootste probleme i.v.m. die beskrywing van morfeme is die bepaling van hulle grense in sommige multiplekse". Oor die algemeen lewer die bepaling van grense by die verkleinwoord nie noemenswaardige probleme nie soos by die uitkenning daarvan tot dusver ondervind is. Die geval menschee is egter problematies wat die vasstelling van die morfeemgrens tussen stam en verkleiningsmorfeem betref. Onder invloed van die Nederlandse spelling-tradisie kan as stam maklik gekies word \* mensch. Die woorde van Lehmann (1963, p. 63) weerhou my van so 'n foutiewe interpretasie. „In order to interpret texts adequately a historical linguist must be equipped to deal with the writing system used to record them ". Franken (1953, p. 171) praat van die verkleiningsuitgang -chee. Die stam in menschee is mens met verkleiningsmorfeem { -che } en nie \* mensch met verkleiningsuitgang \* { -e } nie.

#### 4.7 Die ie-houdendheid

Na slotfoneme /f, k, s/ word die [i]-klank in die verkleiningsmorfeem aangetref. Na slotfoneem /m/ word /-pi/ ook met 'n [i]-klank in die verkleiningsmorfeem in die idiolek van Duminy aangetref. Die skryftaal van Johanna Duminy laat dus slegs twee verkleiningsmorfeemvorme met 'n [i]-klank sien uit 'n totaal van ses verskillende vorme.

/... 4.8

#### 4.8 Onselfstandige stamme

Die geval glaasie bevat 'n onselfstandige stam /xla:s/. Die stam /xla:s/ kom nie selfstandig voor nie, maar slegs saam met die verkleiningsmorfeem of saam met die meervoudsmorfeem en in sekere samestellings (De Villiers, 1965, p. 186). In dié verband moet die volgende aangehaal word: „Gunnar Bech het onlangs in sy bydrae 'Zur Morphologie der deutschen Substantive' 'n beter oplossing vir hierdie probleem aangebied. Sy kort sinchroniese beskrywing van die meervoudsvorming in Duits is interessant, oorsigtelik en verskaf 'n goeie insig in die sisteem. Maar ook hy rek die begrip 'morfeem' wanneer hy van verskillende variante van meervoudsformanse praat. Hy onderskei bv. die meervoudsuitgang -er soos in Bild-er, Leib-er, en die uitgang -er plus 'umlautsfähigem' vokaal, soos in Bücher, Männer. Die 'umgelautete' vokaal is dus deel van 'n meervoudsmorfeem" (Raidt, 1967, p. 31). In die geval van /xla:si/ kan dus gesê word dat die gerekte [a:] van die stam dus deel van die verkleiningsmorfeem { -i } is.

Kloeke (1952, p. 69) praat ook van verskillende verkleiningsmorfeme - met of sonder umlaut in sy bespreking van die „ostniederländische Diminutiva ".\*

/... Die

---

\* Kloeke (1952, p. 70) noem die volgende in verband met 'n gebied waar umlaut voorgekom het:

„1. Das Gebiet miet köpken, pötken, stök(s)kən.  
In diesem Gebiet herrscht -kən ohne Zwischenvokal  
(nur nach n kommt in einem Teil des Gebietes Zwischen-  
vokal vor.) Umlautsfähige Vokale haben immer Umlaut“.



Die vraag ontstaan of die verkleinwoord glasie se gerekte [a:]-klank in die stam histories verwant is aan die umlaut wat sekere verkleinwoorde in sekere Nederlandse dialekte vertoon het.

H O O F S T U K    V

'N BESPREKING VAN DIE VERKLEINWOORDJIE IN

DIE TAALGEBRUIK VAN LOUIS TREGARDT

1836 - 1838

INHOUDSOPGAWE

- 5.1        Agtergrond, taal en teks
- 5.2        'n Morfonologiese indeling van die verkleinings-  
             morfeme by Tregardt
- 5.3.0     Fonologies bepaalde laternante
  - 3.1            Die /-tjə/-vorm
  - 3.2            Die /-ətjə/-vorm
  - 3.3            Die /-ətji/-vorm
  - 3.4            Die /-i/-vorm
  - 3.5            Die /-jə/-vorm
  - 3.6            Die /-ti/-vorm
  - 3.7            Die /-pi/-vorm
- 5.4        Samevatting van die spreiding van die verkleinings-  
             morfeme
- 5.5        Fakultatiewe variante
- 5.6        Medeparadigmatiesbepaalde vorme
- 5.7        Onreëlmatige aanwending van die verkleiningsmorfeme
- 5.8        Die ie-houdende verkleiningsmorfeme
- 5.9        Vormvastheid en afslyting
- 5.10      Faktore wat die modifikasie van die verkleinings-  
             morfeem bepaal

## H O O F S T U K    V

### 'N BESPREKING VAN DIE VERKLEINWOORDJIE

### IN DIE TAALGEBRUIK VAN LOUIS TREGARDT

1836 - 1838

#### 5.1 Agtergrond, taal en teks van Louis Tregardt

Baie ondersoekers het hulle al by vorige geleenthede uitgespreek oor die wese van die taal van Louis Tregardt. Die uitspraak van Le Roux (1961, p. 52) word hier aangehaal: „Wat die vormleer en sintaksis betref, sou ek Trigardt se taal dus veel eerder Afrikaans as Nederlands noem ". Nienaber egter weer (1942, p.v.) beweer dat Tregardt doelbewus gepoog het om Nederlands te skryf. Die geskiedenis leer egter dat Tregardt se kontak met Nederlands beperk van aard was. Smuts (Scholtz, 1965, p. 21) is ook die mening toegedaan dat daar nie 'n alte groot betekenis geheg moet word aan die vermeende invloed van die Nederlandse skryftaaltradisie op Tregardt se taal nie. Volgens Smuts is daar egter suiwerder Afrikaanse tekste uit dié tydvak (1836 tot 1838) wel beskikbaar.

Die belangrikheid van Louis Trigardt se Dagboek blyk duidelik uit die volgende woorde: „Trigardt se dagboek is sover ek weet die enigste geskrif wat ons 'n redelike beeld gee van die woordeskat van die Afrikaanse boer, die bewoner van die buite-distrikte, vroeg in die negentiende eeu, toe sy taal nie meer onder sterk Nederlandse invloed gestaan het nie en nog nie aan Engelse invloed blootgestel was nie" (Smuts, 1959, p.23).

/... Van

Van uiterste belang is egter om aan te stip dat Tregardt in sommige gevalle die taal van die half-verafrikaanste Fransman Albach so getrou moontlik trag weer te gee (Scholtz, 1965, p.p. 21-2). Die geforseerde strewe om die Nederlandse skryftaaltradisie na te volg, maak dan plek vir vorme wat suiwerder Afrikaans is, as Tregardt Albach se taal probeer na-skryf.

Die skoolonderrig van Tregardt was gebrekkig van aard en van korte duur. Deurdat hy in die grensdistrikte opgegroeï het, was sy aanraking met die Nederlandse amptenare tot 'n minimum beperk. Tregardt se leesstof kan aangeneem word, was beperk tot weinig meer as die Nederlandse Bybel.

Die gebruikte teks is die uitgawe Le Roux (1966) aangesien dit die jongste en betroubaarste diplomatiese teks van die Dagboek van Trigardt is. Aanvullend hierby is die teks van Van der Merwe (1964) gebruik.

## 5.2 'n Morfonologiese indeling van die verkleiningsmorfeme by Tregardt

Die stelsel van indeling, van die verskillende verkleiningsmorfeme, is in ooreenstemming met die stelsel deur Cohen (1958, p.p. 40-45) uiteengesit by sy indeling van die Nederlandse verkleiningsmorfeme. Cohen toon aan dat die modifikasies wat die verkleiningsmorfeme vertoon onder andere bepaal kan word deur die slotfoneem. Tweedens kan die aard van die tweede laaste klinkerfoneem, ten opsigte van gedektheid teenoor ongedektheid, ook medebepalend van aard wees

/... (Cohen,

(Cohen, 1958, p. 44).

### 5.3 Fonologies bepaalde alternante:

Die verkleiningsmorfeem word in die volgende vorme geopenbaar in Tregardt se idiolek.

#### 5.3.1.0 Die /-tjə/-vorm kom voor na

##### 1.1 diftonge

touwtje

##### 1.2 die slotkonsonante /l, n, r/ (wat nie deur gedekte klinkerfoneme vooragegaan word nie.

bondeltje

boontje duintje

kafertje, riviertje, dogtertje

#### 5.3.2 Die /-ətjə/-vorm kom voor na slotfoneme /l, m, ŋ / voorafgegaan deur gedekte („kort”) vokale.

(Vergelyk in verband met gedektheid en ongedektheid: 1.8.4)

vulletje, spulletje

blommetje, kommetje

jongetje, dingetje

#### 5.3.3 Die /-ətji/-vorm kom voor na slotfoneem /l/ voorafgegaan deur gedekte vokaal.

bulletjie

spulletjie

#### 5.3.4 Die /-i/-vorm kom voor na slotfoneme /f, k, p, s/

briefie

bakkie, stukkie

slippie, lappie, koppie, klompie

bossie, dosie, kalbassie, bessie

puisie.

/...

5.3.5 Die /-jə/-vorm na slotfoneme

3.5.1 /f, k, p, s/

briefje

stukje

klompje

vlesje

3.5.2 na /t/

fluitje

stuitje

mantje

puntje

3.5.3 na slotfoneme /l, r/

stoelje

rivierje

5.3.6 Die /-ki/-vorm na /-n/

rinkie

3.7 Die /-pi/-vorm na slotfoneem /m/ voorafgegaan deur ongedekte vokaal.

5.4 Samevatting van die spreiding van die verkleinings-allomorfe

'n Volledige samevatting van die verspreiding van die allomorfe van die verkleiningsmorfeem kan beknopter weergegee word, deur onderskeid te tref tussen ongedekte klinkers en tweeklanke aan die een kant en gedekte klinkers aan die anderkant. Eersgenoemde twee word voorgestel deur die teken /V/. Laasgenoemde, naamlik die gedekte klinkers, word voorgestel deur /V'/ (Cohen, 1958, p. 44).

/.....

- 5.4.1.1 { -tjə } na finale /V/  
 1.2 /Vn, Vl, Vr/  
 2.0 { -ətjə } na finale /V'l, V'm, V'ŋ/  
 3.0 { -ətji } na finale /V'l/  
 4.0 { -i } na finale /f, k, p, s/  
 5.1 { -jə } na finale /f, k, p, s/  
 5.2 na finale /t/  
 5.3 na finale /Vl, Vr/  
 6.0 { -ki } na finale /Vŋ/  
 7.0 { -pi } na finale /Vm/

#### 5.5 Fakultatiewe variante

{ -ətji } x { -ətjə } na /V'l/

{ -ətjə } x { -ki } na /Vŋ/

{ -i } x { -jə } na /f, k, p, s/

Na die gedekte slotfoneem /l/ vertoon { -ətjə } 'n fakultatiewe variant. Die allomorf { -ətjə } toon 'n fakultatiewe variant { -ətji }. Na slotfoneme /f, k, p, s/ toon die { -i } verkleiningsmorfeem 'n fakultatiewe variant { -jə }. Die verkleiningsmorfeem { -ki } kom voor na slotfoneem /ŋ/ terwyl in dieselfde fonologiese gebied { -ətjə } ook aangetref word. In die geval rinkie teenoor dingetjie moet die volgende in gedagte gehou word: Tregardt stel as 't ware in die geval rinkie vir Albach self aan die woord. Sonder voorbehoud is Tregardt hier besig om net so te skryf soos wat Albach praat. „Smuts het buitendien gevind dat in die Dagboek self die taal van ou Albach juis op die belangrike punte waar Trichardt se gewone

/... Afrikaans

Afrikaans verskil, feitlik suiwer Afrikaans is. Trichardt probeer die taal van hierdie halfver-afrikaanste Fransman (hy was met 'n bastermeid getroud) so getrou moontlik weer te gee " (Scholtz, 1965, p.21). Die geval rinkie (Le Roux, 1966, p. 60) is juis 'n geval waar ou Albach aan die woord is. Op hierdie stadium moet gesê word dat die {-ki}-verkleiningsmorfeem deur Albach gebruik nader aan Afrikaans is as die {-ətjə}-verkleiningsmorfeem deur Tregardt gebruik in 'n parallelle geval. Die rede hiervoor is dat {-ki} die onmiskenbare [i]-klank vertoon wat eie is aan die Afrikaanse verkleiningsmorfeem. Alhoewel die geskrewe materiaal wat ondersoek is net een {-ki} verkleiningsmorfeem gelewer het, kan aangeneem word dat die spreektaal meer laat hoor het van dié verkleiningsmorfeem, want „Trigardt het mos doelbewus gepoog om Nederlands te skryf" (Nienaber, 1942, p.v.).

Buiten die {-tjə}-vorm het alle ander verkleiningsmorfeemvorme wat nie 'n [i]-klank bevat nie 'n vrye variantvorm wat wel 'n [i]-klank bevat.

#### 5.6 Medeparadigmatiesbepaalde vorme

Allomorfe soos die stamme /xlas/ teenoor /xla:s/ staan bekend as medeparadigmatiesbepaalde vorme (Cohen, 1958, p. 41). Die stam /xla:s/ word net aangetref saam met die verkleiningsmorfeem en die meervoudsmorfeem en in sekere samestellings. Aangesien die studie net oor die verkleinwoordjie gaan sal net oor die stam met die toevoeging van die verkleiningsmorfeem gehandel word. By die toevoeging van die verkleiningsmorfeem

/...



aan die stam word 'n stammodifikasie opgemerk.

Voorbeelde van sulke stamme wat modifikasie vertoon by toevoeging van die verkleiningsmorfeem by Tregardt (Le Roux, 1966) is Vaatje, paatje.

Die stamme \* /fa:t/ en \* /pa:t/ kom nie selfstandig voor nie. In die genoemde voorbeelde kan die stamme slegs saam met die verkleiningsmorfeem, { -jə } in die geval, voorkom. Net soos aangetoon is dat in Duits die meervoudsmorfeem net saam met die „umgelautete” vokaal voorkom, (Raidt, 1967, p. 31) kom die stam /xla:s/ wat 'n gerekte vokaal het net saam met die verkleiningsmorfeem by Tregardt voor. Die selfstandige stamme met gedekte stamvokale vat en pat x pad is wel by Tregardt aangetref (De Villiers, 1965, p. 176).

#### 5.7 Onreëlmatige aanwending van die verkleiningsmorfeme

Verkleiningsmorfeme wat nie ten opsigte van hulle spreiding onder reëls te bring is nie, word onreëlmatige verkleiningsmorfeme genoem (Cohen, 1958, p. 41). Ondergenoemde verkleiningsmorfeme aangetref in die idiolek van Tregardt toon 'n onreëlmatigheid in hulle spreiding.

1. boomtje x boomje x boompie
2. briefje x briefjie
3. klompje x klompie
4. rinkie x dingetjie
5. riviertjie x rivierjie
6. stoelje x bondeltjie x Neeltjie
7. stukje x stukkie
8. vlesje x bessie
9. spulletjie x spulletjie

In dieselfde paragraaf wend Tregardt al drie vorme van boompie aan (Le Roux, 1966, p. 185). Dit wil voorkom of die vorm sodra hy dit neergeskryf het hom nie tevrede gestel het nie en hy dan 'n ander vorm probeer. De Villiers (1965, p. 67) wys op die verskynsel van perseveratiewe assimilasië en die lyk asof dit die verskynsel is wat hom in die geval van die verkleiningsmorfeem  $\{-pi\}$  laat geld. Die bilabiaale klanke  $[m]$  stel die eis van 'n maklik assimileerbare klank om die bilabiaale  $[m]$ -klank op te volg. Die  $[p]$ -klank aangetref in die anlaut van die verkleiningsmorfeem is ook 'n bilabiaale klank wat maklik assimileer met die bilabiaale  $[m]$  aan die auslout van die stam. Die  $/p/$ -variant vergemaklik dus die uitspraak baie.

Na slotfoneme  $/f, p, k, s/$  word die verkleiningsmorfeem  $\{-jə\}$  sporadies aangetref, terwyl die  $\{-i\}$ -verkleiningsmorfeem byna deurgaans voorkom in genoemde fonologiese gebied. Tregardt maak homself skuldig aan 'n hiperkorrekte spelwyse in navolging van die Nederlandse spellingstradisie van sy tyd. Aangesien die  $\{-jə\}$  slegs sporadies aangetref word, kan afgelei word dat die verkleiningsmorfeem wat 'n  $[i]$ -klank vertoon, primaat geniet het in die taalgebruik van Tregardt.

Die vorm rinkie is toegeskryf aan Albach se taalgebruik en is reeds onder 5.5 bespreek.

Die vorme reviertje x rivierje is problematies van aard. Die oënskynlik reëlmatige vorm reviertje is slegs een keer aangetref teenoor die vorm rivierje

/... met

met 'n baie hoër frekwensie. Die verlies van die /t/-variant is hier in 'n fonologiese gebied waar die verlies van die /t/-variant nie gebruiklik was nie.

'n Diachroniese beskouing toon ook nie verlies van die /t/-variant in die fonologiese gebied nie. Ek volstaan deur rivierje, wat verkleiningsmorfeem vorm betref, as 'n onreëlmatigheid in die idiolek van Tregardt te beskou wat ontstaan het as gevolg van 'n gebrekkige skryfkennis by Tregardt.

In die geval spulletje teenoor spulletjie kan 'n [i]-klank in die verkleiningsmorfeem opgemerk word. Die fakultatiewe variant wat nie 'n [i]-klank vertoon nie, naamlik { -ətjə }, het egter 'n groter gebruiksmoontlikheid. Laasgenoemde vertoon 'n groter spreidingsgebied, aangesien dit na slotfoneme /l, m, ŋ / voorkom vocrafgegaan deur gedekte vokale. Die verkleiningsmorfeem { -ətji } is slegs aangetref na slotfoneem /l/ voorafgegaan deur 'n gedekte klinkerfoneem.

#### 5.8 Die ie-houdende verkleiningsmorfeme

By Tregardt is sewe verskillende vorme van die verkleiningsmorfeem aangetref - allomorfe. Drie van die vorme bevat 'n [i]-klank. Twee van die verkleiningsmorfeemvorme wat nie 'n [i]-klank vertoon nie, het wel in sekere fonologies ooreenstemmende gebiede 'n fakultatiewe variant wat wel 'n [i]-klank bevat. Voorbeelde van sodanige verkleiningsmorfeme is { ətjə } x { -ətji }, { -jə } x { -i }.

Die { -tjə } verkleiningsmorfeem is dus die enigste verkleiningsmorfeem wat nie 'n fakultatiewe variant

/... het

het wat 'n [i]-klank vertoon nie. Die {-jə} verkleiningsmorfeme, aangetref na slotfoneme /t, l, r/, het geen fakultatiewe variante wat die [i]-klank vertoon nie.

Dit is moontlik dat die [i]-klank in die verkleiningsmorfeme in die tyd van Tregardt deurgaans in die spreektaal voorgekom het, maar deur Tregardt in die skryftaal doelbewus vermy is, want Le Roux (1966, p. xxv) stel dit as volg: „Die taal van L. Trigardt se Dagboek is in wese Afrikaans ten spyte van die sogenaamde Nederlandse kleeed ”.

Die verskynsel kom by Tregardt voor dat hy in sy skryftaal dikwels i vir e aanwend en andersom. So word in die teks denk teenoor dink aangetref (Le Roux, 1966, p. xxvii). Uit genoemde voorbeeld is dit duidelik dat dié verskynsel nie die verkleiningsmorfeem tref nie. Die afwisseling waarvan hier sprake is, is tussen die[ɛ] -klank denk en[ə] -klank dink. Met ander woorde dit is nie 'n wisseling tussen [i] en [ə] nie.

### 5.9 Vormvastheid en afslyting

Kempen (1962, p. 381) noem woorde wat net in die verkleiningsvorm aangetref word vormvaste verkleinwoorde. Die verskynsel word vormvastheid genoem. 'n Verskynsel wat nou gepaard gaan met die verskynsel vormvastheid word afslyting genoem (Kempen, p. 58). Wat presies met afslyting bedoel word, kan as volg verklaar word. Reeds in 1.6.2.1 is aangetoon dat die verkleiningsmorfeem 'n sekere betekenis het. Onder 1.6.2.2 is aangetoon dat die betekenis 'n 'verkleining' /... impliseer.

impliseer. By afslyting doen die verskynsel hom voor dat die verkleiningsmorfeem juis die betekenis van verkleining verloor. Die betekenis van die verkleiningsmorfeem „slyt af" met ander woorde dit word nie meer as verkleining gebruik nie en ook nie meer as verkleining deur die hoorder vertolk nie. Verskillende faktore kan aanleiding gee tot sodanige afslyting.

Die ondergenoemde voorbeelde van vormvastheid is by Tregardt aangetref:

- (a) bessie
- (b) koppie
- \* (c) porsie (sien voetnota)
- \* (d) stuitje
- (e) puisie

Die saak se grootte kon in gevalle (a) en (e) aanleiding gegee het tot die afslyting van die betekenis van die verkleiningsmorfeem se betekenis. Die saak waarna verwys word is deurgaans klein in formaat.

/... Mettertyd

- 
- \* Indien daar nie met opposisie tussen vorm sowel as betekenis gewerk word nie, is dit moontlik dat vorme soos porsie verkeerdelik ook as 'n vormvaste verkleinwoord beskou kan word. Die woord impliseer in 'n mate verkleining, maar dit bevat nie 'n opponerende vorm \* pors nie. 'n Vorm \* pors word nie aangetref nie. Selfs diachronies beskou kan die [i]-klank in die auslout nie as 'n verkleiningsmorfeem beskou word nie in die geval van porsie nie. Boshoff & Nienaber (1967, p. 515) toon by die bespreking van die herkoms van die woord aan, dat die [i]-klank in die auslout reeds so vroeg as in Middel-nederlands by die woord aangetref is naamlik porcie maar die [i]-klank is deel van die woord en nie die {i}-verkleiningsmorfeem nie.

Mettertyd het daar dus afslyting van die betekenis van die verkleiningsmorfeem plaasgevind deurdat altyd net in die diminutiefvorm na 'n saak verwys is. Die verkleiningsmorfeem se betekenis het as gevolg van herhaaldelike gebruik, in die geval sy betekenis verloor. (Die verkleinwoorde *bessie* en *puisie* kan wel in onverkleinde vorme voorkom naamlik \* *bes* en \* *puist* of \* *puis* - sodanige vorme is egter nie by Tregardt aange-tref nie.

By 'n bespreking van die verkleinwoorde - en veral by die verskynsels van afslyting en vormvastheid by die verkleinwoord moet deurgaans met die begrip betekenisopposisie gewerk word om valse afleidings te voorkom. De Groot (1962, p.3) verduidelik \* opposisie as volg: „Wat de 'oppositie' tussen tot dezelfde taal behorende woorden (en andere eenheden) betref, geven we als voorbeeld slechts gevallen als *boek/boeken*, *huis/huizen*, *vader/vaders*, dus tussen een woord in het enkelvoud en een woord in het meervoud, en gevallen als *werk/werkte*, *loop/liep*, etc. Onder oppositie verstaan we overeenstemming met verschil. In de gegeven voorbeelden zijn er opposities tussen de woorden wat betref hun vormen en tevens wat betref hun betekenissen ". By die verkleinwoord word ook 'n opposisie aangetref tussen vorm en betekenis.

Die woord stuitje lewer wel 'n opponerende vorm stuit, maar laasgenoemde vorm word nie as 'n substantief gebruik nie net as 'n werkwoord. Die selfstandige naamwoord kan nie met die werkwoord in opposisie gebring word nie. Die studie vind aansluiting by die

/... uitspraak

uitspraak van De Villiers: (1965, p. 173) „Dit is enigszins vreemd dat prof. De Groot van stamallomorfe sê dat ,de betekenis volkomen dezelfde is 'wanneer sy voorbeelde bv. s.nwe., wwe. en b.nwe. insluit, want die stam ,huis in huis, huisdeur, huiselijk, verhuizen, behuisd' wissel m.i. met die woordsoort en die struktuur waarin dit voorkom ". Die selfstandige naamwoord stuitje is dus streng gesproke nie 'n verkleinwoord nie, want dit lewer nie 'n opponerende onverkleinde stam in dieselfde woordsoortlike verband nie.

In verband met die vorm koppie \* moet opgemerk word dat dit deurgaans deur Tregardt gebruik word as hy na 'n koppie in die veld verwys.

#### 5.10 Faktore wat die modifikasie van die verkleiningsmorfeem bepaal

Reeds is aangetoon dat die verkleiningsmorfeem by Tregardt verskillende vorme vertoon - allomorfe genoem. Die slotfoneem speel 'n bepalende rol in die vorm van die verkleiningsmorfeem by Tregardt - fonologies bepaalde alternante. In sommige gevalle is aangetoon dat die aard van die tweede laaste klinkerfoneem (ten opsigte van gedektheid teenoor ongedektheid) ook 'n bepalende rol speel by die vorm van die verkleinings-  
/... morfeem

---

\* Kempen (1962, p. 382) sê egter dat vir resente Afrikaans die posisie so is dat die vormvaste diminutief koppie, waarvan die onverkleinde vorm nie meer voorkom nie, net in die verwysing na koppie (drinkding) gebruik word.



morfeem by Tregardt.

Elke taal of dialek moet egter sy eie kriteriums vir ondersoek lewer. Kriteriums wat vir één tydperk geld, kan nie sonder meer toegepas word vir 'n vroeëre of latere tydperk van dieselfde taal nie. Elke tydvak en taal het sy eie kriteriums. Gleason (1955, p. 83) stel dit as volg: „Any attempt to state the present situation in terms of Old English, or vice versa, will inevitably falsify the facts “. Kriteriums wat geld vir Tregardt se taal en tyd kan nie sonder enige voorbehoud net so toegepas word op resente Afrikaans nie en ook nie andersom nie. Faktore of kriteriums wat geld by die vorm van die verkleiningsmorfeem by Tregardt moet in die Taalgebruik van Tregardt self gevind word. De Groot (1962, p. 225) se waarskuwing in dié verband kan ook aangehaal word: „We herhalen dat criteria voor elementen van woordstructuur voor elke taal afzonderlik worden geformuleerd, en alleen voor talen met geheel deselfde typen van woordstructuur de semantische criteria geheel dezelfde kunnen zijn “. Bloch & Trager (1942, p. 61) beskou dit ook as 'n baie algemene dwaling met verreikende gevolge soos blyk uit die woorde: „The fallacy of attributing to one language the grammatical habits and categories of another simply because we have decided to call certain words in both languages by the same name, is more likely to vitiate our description than any other common error“.



H O O F S T U K VI

DIE VERKLEINWOORDJIE BY S.J. DU TOIT IN

DIE TYDVAK 1895

INHOUDSOPGAWE

- 6.1 Agtergrond, taal en teks
- 6.2 'n Morfonologiese indeling van die verkleinings-  
morfeem soos geopenbaar in die taalgebruik van  
Du Toit
- 6.3.0 Fonologies bepaalde alternante
  - 3.1 Die /-tji/-vorm
  - 3.2 Die /-ətji/-vorm
  - 3.3 Die /-i/-vorm
  - 3.4 Die /-pi/-vorm
  - 3.5 Die /-ji/-vorm
- 6.4 Afwesigheid van die {-ki}-verkleiningsmorfeem
- 6.5 Samevatting van die spreiding van die verkleinings-  
morfeme
- 6.6 Medeparadigmatiesbepaalde vorme
- 6.7 Onreëlmatige spreiding van sekere verkleinings-  
morfeme
- 6.8 Die ie-houdendheid
- 6.9 Vormvastheid

## H O O F S T U K VI

### DIE VERKLEINWOORDJIE BY S.J. DU TOIT IN

#### DIE TYDVAK 1895

##### 6.1 Agtergrond, taal en teks

Vir die periode 1895 is die idiolek van S.J. du Toit gekies (1895, pp. 7-221). Die taal van Du Toit kan as redelik verteenwoordigend beskou word van die Afrikaanse taal van dié tyd. Redes waarom Du Toit se idiolek gekies is as verteenwoordigend vir die tyd is voor die hand liggend. Du Toit staan eerstens bekend as een van die grootste kampvegters vir Afrikaans. In 1875 het hy die Genootskap van Regte Afrikaners gestig (Nienaber, 1967, p. 3). Na hom word verwys as die „vader“ van Afrikaans. Die bron wat gebruik is vir die ekserpering van materiaal bevat heelwat aanhalings wat geskryf is in die taal van 'n vroeëre tydvak. Materiaal wat in aanhalings aangetref is, sal wel genoem word met 'n verwysing-aanhaling-daarby. In die grammatikas van die tydvak is daar alreeds 'n paar opmerkinge gemaak oor die verkleinwoordjie. Sodanige opmerkings oor die gebruik van die verkleinwoordjie is in die studie aangestip waar dit nodig geag is. Du Toit (1902, p. 14) merk onder andere die volgende op in verband met die verkleinwoordjie naamlik: „Di ferklein-woordtjies word buitengewoon feul gebruik in Afrikaans denklik uit 'n owerdrewe beskydenhyd waardeur die Afrikaner sig self en syn goed /... gering

gering ag, so praat hy fan syn huisi, syn bitji goedjis ens".

## 6.2 'n Morfonologiese indeling van die verkleiningsmorfeem soos geopenbaar in die taalgebruik van Du Toit .

Morfonologie behandel die samehang wat daar bestaan tussen die fonologiese en morfologiese vlak in die taal (Cohen, 1958, p. 40). Hockett (1959, p. 134) beskou dit noodsaaklik om 'n noukeurige ondersoek te maak tussen morfeme en foneme soos blyk uit sy woorde: „If English /z/ 'plural' and /s/ 'plural' are not two different morphemes, but merely two different shapes of a single morpheme, then just what is the morpheme itself? And what is the relationship between a morpheme and its phonemic shape or shapes?"

Die antwoorde op die gestelde vrae kan met die volgende aanhaling van Hockett (1959, p. 135) gegee word:

„For the relationship of a morpheme to any of its phonemic shapes, we use the phrase is represented by: the English noun plural morpheme is represented by phonemic shape /z/ after a form ending in /d/, and is represented by /s/ after a form ending in /t/; the English morpheme boy is represented by the phonemic shape /bój/ in all environments ".

Hierdie bespreking moet aanvullend gebruik word met wat onder 1.8.1 reeds gesê is met betrekking tot morfonologie.

### 6.3.0 Fonologies bepaalde alternante

Die verkleiningsmorfeem by Du Toit word gekenmerk deur die volgende vorme:

/...

6.3.1.0 Die /-tji/-vorm na

1.1 diftonge

advokate - draaitji

outji

strooitji

1.2 slot medeklinkers /l, n, r/ voorafgegaan  
deur 'n ongedekte vokaal of 'n toonlose  
[-ə-]-klank

staaltji kêreltji

seuntji beentji

papiirtji, heertji, muurtji

kindertji kaffertji

6.3.2 Die /ətji/ na slotfoneme /l, m, ŋ, r/ voorafgegaan  
deur 'n gedekte vokaal.

walletji

kommetji

jongetji

sterretji

3.3 Die /-i/ na slotfoneme /k, p, s/

vlerki, stokki, boeki, stukki

klippi, koppi, klompi, tippie

hasi, bossi

3.4 Die /-pi/ na slotfoneem /m/ voorafgegaan deur 'n  
ongedekte vokaal.

boompi

3.5 Die /-ji/ word aangetref na slotfoneem /t/.

ertji houtji

\* mantji mattji

plantji handji tydji

/...

#### 6.4 Afwesigheid van die {-ki} verkleiningsmorfeem

Die {-ki} verkleiningsmorfeem skitter deur sy afwesigheid. Geen enkele verkleiningsmorfeem is in die {-ki}-vorm aangetref nie by Du Toit. Twee grammatikas wat geraadpleeg is uit die tyd lewer ook geen {-ki}-morfeem nie by die bespreking van die verkleinwoord nie (Du Toit, 1876, p. 13 en 1902, pp. 13-4). Ook Hoogenhout (1883) maak in sy taalgebruik nie gebruik van die {-ki} verkleiningsmorfeem nie. Dit wil voorkom of skrywers in die tydvak die {-ki} verkleiningsmorfeem doelbewus vermy het in die skryftaal. In die gesproke taal is die {-ki} verkleiningsmorfeem wel gehoor. Du Toit (1902, p. 14) gee 'n aanduiding van die uitspraak van die verkleinwoord in die tyd en sê dat die {-tji} meer soos [-ci] uitgespreek word, byvoorbeeld soos in frouki en biki.

#### 6.5 Samevatting van die spreiding van die verkleiningsmorfeme

By Du Toit toon die verkleiningsmorfeme die volgende spreiding:

1. {-tji}            na /V/  
                      na /Vl, Vn, Vr/
2. {-ətji}        na /V'l, V'm, V'ŋ, V'r/
3. {-i}            na /k, p, s/
4. {-pi}            na /Vm/
5. {-ji}            na /t/

#### 6.6 Medeparadigmatiesbepaalde vorme

By Du Toit is die volgende vorme aangetref wat mede-

/..paradigmaties

paradigmaties bepaal is, naamlik gaatji, paatji en kindertji. Dié verkleinwoorde se stamme is onselfstandig (Cohen, 1958, p. 44). Die stamme kom net saam met die verkleiningsmorfeem voor en stem ooreen met die stamme wat saam met die meervoudsmorfeem aangetref word. Die verlengde vokaal in die gevalle paatji en gaatji is deel van die verkleiningsmorfeem (Raidt, 1967, p. 31). In die geval kindertji vertoon die onselfstandige stam \* kinder nie 'n verlengde vokaal nie; dit stem egter ooreen met die stam aangetref in die meervoudsvorm van die woord kind.

#### 6.7 Onreëlmatige spreiding by sekere verkleiningsmorfeme

By Du Toit moet verkleiningsmorfeme met onreëlmatige spreiding, aangetref in aanhalings, eers aangetoon word. Hieronder val woorde soos boompje, kapetji, kijkje en kraaltje. Laasgenoemde woorde sal uit die aard van die saak nie bespreek word nie.

Woorde met 'n onreëlmatige spreiding, van die verkleiningsmorfeem, aangetref in die idiolek van Du Toit is die volgende: boesmantji, boontjes en skuitje.

Elke onreëlmatige spreidingsgeval sal afsonderlik bespreek word. Na slotfoneem /-n/ word  $\{-tji\}$  wel aangetref mits die slotfoneem voorafgegaan word deur 'n ongedekte klinkerfoneem. In 'n geval waar die slotfoneem /-n/ voorafgegaan word deur 'n gedekte klinkerfoneem soos in boesmantji is die reëlmatige verkleiningsmorfeem  $\{-ətji\}$  om 'n vorm \*boesmannetji te vorm. Die gedekte vokaal speel 'n medebepalende rol in die vorm van die verkleiningsmorfeem en dit blyk

/... uit

uit boesmantji dat die invloed van die gedekte vokaal voor slotfoneem /-n/ blykbaar nie so sterk aan gevoel is deur Du Toit nie.

'n Tweede verklaring vir die vorm boesmantji mag geleë wees in analogiewerking. Daar mantji, die vorm-vaste diminutief, wat na 'n houer verwys deurgaans gebruik is, is na aanleiding van die vorm 'n verkleinwoord mantji (klein mannetjie) gevorm. Die mag van die voorbeeld het blykbaar so sterk gewerk by Du Toit dat hy die betrokke reëls vir die verkleinwoordsvorming verontagsaam het en hom deur die meer konkrete voorbeeld van mantji (houer) laat lei het tot 'n vorm boesmantji (klein mannetjie). Die verskynsel kon beperk gewees het tot Du Toit se skryftaal, terwyl sy spreektaal dalk die reëlmatige verkleiningsmorfeem laat hoor het. In die spreektaal word die gedekte vokale meer prominent gehoor, terwyl dit op skrif nie die geval is nie.

Die vorm boontjes is aangetref in 'n vaste uitdrukking. 'n Vaste uitdrukking is 'n geykte wyse van praat. Sodanige konstruksies verander nie maklik nie wat inhoud, woordbou en woordvolgorde betref nie. Hier kan dus gepraat word van perseverasie, die woordbou „hou aan" (De Villiers, 1965, p. 67). Die betrokke verkleiningsmorfeem gebruik by boontje dateer uit 'n vorige tydvak is dus 'n argaïstiese verkleiningsmorfeem waarmee volgehou word. In die tyd van Du Toit het sodanige morfeem al in onbruik geraak. Juis omdat dit in 'n vaste uitdrukking voorkom - wat nie maklik verandering toon nie - het dit voortbestaan. Die vaste

/... uitdrukking

uitdrukking het die vorm boontje „beskerm teen verandering met verloop van tyd“. Die gevolg is dat 'n verkleiningsmorfem { -tjə } aangetref word, wat in sy ontwikkeling gefikseer het in 'n vroeëre stadium.

Alhoewel skuitje nie in 'n vaste uitdrukking aangetref is, kan hier gekonstateer word dat Du Toit hom ook hier van 'n argaïstiese verkleiningsmorfem bedien het by die vorming van die verkleinwoord skuitje.

#### 6.8 Die ie-houdendheid

Die verkleiningsmorfeme by Du Toit aangetref, vertoon deurgaans 'n [i]-klank behalwe in enkele onreëlmatige vorme. Die gevolgtrekking kan gemaak word dat die Afrikaanse verkleiningsmorfem wat die teenwoordigheid van die [i]-klank betref, sy beslag ten volle by Du Toit gekry het. In die idiolek van Du Toit word die verskillende verkleiningsmorfeme nie nog fakultatief afgewissel met verkleiningsmorfeme nie wat nie 'n [i]-klank bevat nie.

#### 6.9 Vormvastheid

Die volgende vormvaste verkleiningsmorfeme is by Du Toit aangetref, naamlik ertji, mantji en koppi (Kempen, 1962, p. 382). Soos reeds aangetoon gaan vormvastheid nou gepaard met afslyting by die verkleinwoord in Afrikaans (Kempen, 1940, p. 58). Word die vorm mantji nader ondersoek blyk dit dat mantji slegs in die diminutief-vorm by Du Toit aangetref is. Boonop word dit in die diminutief-vorm aangetref waar die onverkleinde vorm beter sou pas. Die volgende

/... aanhaling



aanhaling waarin mantji aangetref word, sal die argument steun: „Brieve by mantjiis vol is daar geskrywe deur Jan Brand an Barkly en deur Barkly an Jan Brand" (Du Toit, 1895, p. 123).

Eerstens blyk dit duidelik uit die konteks dat hier nie sprake is van verkleining nie. Die verkleiningsmorfeem vertoon dus reeds afslyting wat die betekenis van die verkleiningsmorfeem betref, want in die konteks is geensins sprake van verkleining nie eerder die teenoorgestelde. Tweedens is die onverkleinde vorm \* mant nie by Du Toit aangetref nie. Derdens is die verkleinwoord hier as die eerste lid van 'n samestelling aangetref. Volgens Kempen (1940, p. 14) kom die verkleinwoord op 'n paar uitsonderings na nie voor as die eerste lid van 'n samestelling nie, tensy die eerste lid 'n vormvaste diminutief is.

H O O F S T U K VII

DIE VERKLEINWOORD IN AFRIKAANS VOLGENS KEMPEN

1940

INHOUDSOPGAWE

- 7.1 Agtergrond
- 7.2 Morfonologiese indeling van die verkleinings-  
morfeem
- 7.3.0 Fonologies bepaalde alternante
  - 3.1 Die /-tji/-vorm
  - 3.2 Die /ətji/-vorm
  - 3.3 Die /-i/-vorm
  - 3.4 Die /-ji/-vorm
  - 3.5 Die /-pi/-vorm
  - 3.6 Die /-ki/-vorm
- 7.4 Samevatting van die spreiding van die verkleinings-  
morfeem
- 7.5 Die basiese of verteenwoordigende verkleinings-  
morfeem
- 7.6 Onreëlmatige spreiding van sekere verkleinings-  
morfeme
- 7.7 Vormvastheid en slytasie

## H O O F S T U K VII

### DIE VERKLEINWOORD IN AFRIKAANS VOLGENS KEMPEN

1940

#### 7.1 Agtergrond

Vir die tydvak 1940 is nie 'n teks gekies as bron vir materiaal nie, want Kempen (1940) het die onderwerp uitvoerig behandel. Dié verhandeling vind aansluiting by sy uiteensetting van die verkleinwoord vir die betrokke periode. Feite deur Kempen (1940) verskaf, word hier net van 'n nuwe kleed voorsien.

#### 7.2 'n Morfonologiese indeling van die verkleiningsmorfeem

Die morfonologie behandel die fonologiese struktuur van die morfeemvariante (Cohen, 1958, p. 40).

#### 7.3.0 Fonologies bepaalde alternante

Volgens Kempen (1940) word die verkleiningsmorfeem in Afrikaans deur die volgende ses vorme gekenmerk:

##### 3.1 Die /-tji/-vorm word aangetref na

3.1.1 Ongedekte vokale met of sonder klem,  
aiatjie

3.1.2 diftonge,  
geboutjie

3.1.3 slotfoneme /b, n, r/ voorafgegaan deur ongedekte klinkerfoneme of die toonlose [-ə].

saaltjie	dekseltjie
haantjie	tekentjie
paartjie	bekertjie

/... 7.3.2

7.3.2 Die /-ətji/-vorm na slotkonsonante /l, m, n, ŋ, r/  
voorafgegaan deur 'n gedekte vokaal met klem.

rolletjie

lammetjie

pannetjie

dingetjie      gesangetjie

karretjie

In verband met die verkleiningsmorfeem maak Kempen (1940, p. 4) die volgende bewering: „Woorde op l voorafgegaan deur 'n kort beklemtoonde oe of ie toon geen ooreenstemmende gebruik in die diminutief uitgange wat hulle kry nie: -tjie en -etjie kom hier voor bv. boeletjie, gevoeletjie en gevoeltjie, poeletjie en stoeltjie; rieltjie, sieltjie en wieltjie”.

Die lengte van die slotklinkerfoneem speel hier 'n rol in die vorm van die verkleiningsmorfeem. In die geval van die klanke [u] en [i] tree daar in sommige gevalle breking in. Sodanige breking by die klanke kom meer voor in die noorde as in die suide. Die gevolg is dat die twee klanke in sommige gevalle gedek was en in ander gevalle ongedek. Dit blyk dus dat 'n dialektiese verskil in uitspraak verantwoordelik is vir die wisselvorme. Volgens reëls is die spreiding van die verkleiningsmorfeem in die vorme reëlmatig. Die wisseling in vorme moet egter toegeskryf word aan 'n gebrek aan uniformiteit by die uitspraak ten opsigte van lengte by die [u]- en [i]-klanke. Volgens Kempen (1940, p. 5) sou die woord woer-woertjie 'n uitsondering wees van die groep  
/... verkleinwoorde

verkleinwoorde wat  $\{-\text{atji}\}$  moet neem. Die woord woer-woertjie is egter in ooreenstemming met die reëls vir verkleinwoordsvorming. Die slotfoneem /r/ word nie voorafgegaan deur 'n gedekte klinkerfoneem nie, want in Afrikaans vertoon die [u:] voor [r] lengte (De Villiers, 1965, p. 56).

7.3.3 Die /-i/ verkleiningsmorfeem word aangetref na slotfoneme /f, x, k, p, s/

stofie

lagie

hakie

koppie

hasie

7.3.4 Die /-ji/ verkleiningsmorfeem word aangetref na slotfoneem /t/.

bedjie

latjie

7.3.5 Die /-pi/ verkleiningsmorfeem word aangetref na slotfoneem /p/ voorafgegaan deur 'n ongedekte vokaal of 'n tweeklank of 'n toonlose [ə].

toompie

pruimpie

walpie wurmpie

7.3.6 Die /-ki/ verkleiningsmorfeem word aangetref na slotfoneem /ŋ / voorafgegaan deur 'n klinkerfoneem sonder klem.

rekening (Kempen, 1940, p. 5)

Die klem speel 'n kardinale rol by stamme met slotfoneem /ŋ /. Kempen (1940, p. 6) noem hier

/... wisselvorme

wisselvorme naamlik rekeningetjie teenoor rekeninkie. Laasgenoemde vorm kom egter veel meer voor as eersgenoemde. Volgens die reëls vir verkleiningsvorming is net eersgenoemde vorm korrek. Die onreëlmatige spreiding van die verkleiningsmorfeme by stamme met slotfoneem /ŋ/ moet toege-skrif word aan 'n wisseling in beklemtoning van die slotklinkerfoneem.

Die /k/-variant moet hier gesien word as 'n her-verskyning van die /k/-variant wat wel eie was aan die vroeëre vorme soos byvoorbeeld die Middelneder-landse vorm coninc. Die /k/-variant kom in sekere verboë vorme weer te voorskyn soos byvoorbeeld in Die verkleinwoord. Van der Merwe (1967, p. 146) stel dit as volg: „Agter hierdie verkleiningsvorme sit 'n interessante stukkie taalgeskiedenis. In ouer Nederlands was die vorm coninc, wat in Afrikaans moes gelui het konink, maar reeds in Nederlands het die slot -k oorgegaan tot -g wat egter weer -k word in die verkleinwoord: konin-kie; vgl. ook beddin-kie, lanin-kie, wonin-kie, ens.”.

#### 7.4 Samevatting van die spreiding van die verkleiningsmorfeme

Om die spreiding van die verkleiningsmorfeme op beknopte wyse weer te gee, word van die volgende simbolestelsel gebruik gemaak:

/V/ stel voor vokale of diftonge

/V'/ stel voor gedekte vokale

/V̇/ stel voor vokale sonder klem

/V̂/ stel voor vokale met swak klem

/V̄/ stel voor vokale met klem /...



materiaal (Kempen, 1940) word die {-tji} verkleiningsmorfeem gekies. Die betrokke verkleiningsmorfeem word aangetref na slotdiftonge, slotvokale en slotkonsonante /l, n, r/ voorafgegaan deur toonlose [-ə] of ongedekte klinkerfoneme. Aanvullend hierby kan genoem word dat dié verkleiningsmorfeem 'n redelike hoë voorkoms het.

Met die {-tji}-morfeem as uitgangspunt kan die volgende gekonstateer word: Daar tree modifikasie van {-tji} op tot {-pi} na slotfoneem /m/. (Let wel modifikasie en nie verandering nie)(Cohen, 1958, p. 43). Verder tree modifikasie van {-tji} tot {-ki} op na slotfoneem /ŋ / onder sekere omstandighede. (Sien 7.3.6). Na slotfoneme /l, m, n, ŋ, r/ voorafgegaan deur gedekte vokale word 'n /ə / aan die anlaut van {-tji} gevoeg. In dié gevalle word die {-ətji} verkleiningsmorfeem aangetref. Die /t/ verdwyn in die verkleiningsmorfeem na stamme met slotfoneem /t/.

#### 7.6 Onreëlmatige spreiding van sekere verkleiningsmorfeme

Kempen (1940) noem heelparty onreëlmatighede („uitsonderings“) in die spreiding van die verkleiningsmorfeem in Afrikaans. Onder andere noem Kempen die gevalle:

Poeletjie	teenoor	stoeltjie
gevoeltjie	teenoor	gevoeletjie
sieltjie	teenoor	wieletjie

Die sogenaamde uitsonderings volgens Kempen (1940) is reeds onder 6.3.2 bespreek. Vir die gevalle \* rekeningetjie teenoor rekeninkie word na 7.3.6 verwys.

/... Die



Die enigste werklike onreëlmatighede in die spreiding van die verkleiningsmorfeem, in Afrikaans 1940, is na die slotfoneem /m/ te bespeur. Kempen (1940, p. 5) noem byvoorbeeld riempie teenoor kiemetjie. Hierby kan ook gevoeg word oompie teenoor omie. In dié gevalle het ons met 'n verskil in gevoelswaarde te doen tussen die twee verkleinwoorde. Die vorm omie is 'n eerbiedige vorm teenoor oompie wat 'n minder eerbiedwaardige vorm is. Met laasgenoemde vorme is geen ander raad as om dit óf as wisselvorme te erken óf as onreëlmatighede in die taalsisteem te beskou nie (Reichling, 1965, p. 49).

#### 7.7 Vormvastheid en slytasie

Woorde wat net in die diminutiefvorm aangetref word, staan bekend as vormvaste diminutiewe (Kempen, 1963, p. 358). Vormvaste diminutiewe kan in vier onderafdelings ingedeel word, naamlik:

- (a) Vormvaste diminutiewe wat slegs in die diminutiefvorm aangetref word. By Kempen (1940) is hiervan aangetref, bessie, mandjie en muggie.
- (b) Vormvaste diminutiewe wat semantiese probleme lewer. Volgens Kempen (1940) is die woorde koppie en middelpaadjie voorbeelde van sodanige vorme. Hierdie twee vorme kom in die vormvaste diminutiefvorm voor met 'n spesifieke betekenis. Eersgenoemde woord, waar dit vormvas is, verwys deurgaans na 'n klein drinkdingetjie. Laasgenoemde woord in vormvaste hoedanigheid word slegs gebruik om na 'n paadjie in hare te verwys. Die vormvaste diminutiefvorm word gereserveer vir 'n spesifieke

/... betekenis

betekenis hier. Die onverkleinde stamme kom wel voor van die vorme wat nie as vormvaste diminutiewe gebruik word nie naamlik pad (weg) en kop (liggaamsdeel).

(c) Vormvaste diminutiewe wat slegs in die diminutievorm aangetref word in vaste uitdrukkings. Kempen (1940) noem die volgende voorbeelde:

(i) 'n Appeltjie te skil hê.

(ii) Gaan na jou blikkies.

(iii) Dankie sit op 'n plankie.

(d) Vormvaste diminutiewe waarvan die onverkleinde vorm wel in 'n ander verband aangetref word, maar nie in dieselfde verband nie. Kempen noem hieronder pruimpie en lootjie.

Die vorm <sup>\*</sup>bietjie verdien afsonderlike bespreking. Die verkleinwoord lewer geen opponerende onverkleinde stam nie. Dit is 'n woordmorfeem of monomorfeem. In die taal van De Villiers (1965, p. 161) word dit 'n simpleks genoem. In vorige tydvakke word die vorm weinig aangetref en die vorm bietjie is in baie min gevalle aangetref.

---

\* Boshoff & Nienaber (1967, p. 164) noem die volgende in verband met die vorm bietjie. Dit kan as 'n selfstandige naamwoord gebruik word in die betekenis van 'n klein hoeveelheid. In Nederlands is die vorm beetje. Die woord is afgelei van die verbale vorm bijt en beteken dus letterlik „'n happie“.

H O O F S T U K VIII

'N DIACHRONIESE OORSIG VAN DIE ONTWIKKELING VAN  
DIE VERKLEININGSMORFEEM VANAF 1652 TOT 1940 OP  
AFRIKAANSE` BODEM

INHOUDSOPGAWE

- 8.1 'n Diachroniese vergelyking
- 8.2 Indeling van die verkleiningsmorfeme in tydvakke
- 8.3.0 Die ontwikkeling van die {-tjə}-verkleinings-  
morfeem
- 8.4 Die ontwikkeling van die {-ətjə}-verkleinings-  
morfeem
- 8.5 Die ontwikkeling van die {-ptjə}-verkleinings-  
morfeem
- 8.6 Die ontwikkeling van die {-jə}-verkleiningsmorfeem  
na slotfoneme /f, x, k, l, p, s/
- 8.7 Die ontwikkeling van die {-jə}-verkleiningsmorfeem  
na slotfoneem /-t/
- 8.8 Die ontwikkeling van die {-ki}-verkleiningsmorfeem
- 8.9 'n Illustrasie van die ontwikkeling van vormvast-  
heid en slytasie
- 8.10 Die ontwikkeling van die [i]-klank in die  
verkleiningsmorfeem
- 8.11 Fakultatiewe variante
- 8.12 Slotopmerking

## H O O F S T U K VIII

### 'N DIACHRONIESE OORSIG OOR DIE ONTWIKKELING VAN DIE VERKLEININGSMORFEME VANAF 1652 TOT 1940 OP AFRIKAANSE BODEM

#### 8.1 'n Diachroniese vergelyking

In hierdie hoofstuk word gepoog om 'n oorsigtelike beeld te gee van die verandering wat die verkleiningsmorfeme in Suid-Afrika ondergaan het. (Let wel die term verandering word hier gebruik en nie modifikasie nie.) Die verskillende sinchroniese snitte word nou diachronies met mekaar vergelyk.

#### 8.2 Indeling van die verkleiningsmorfeme in tydvakke

	1652	1725	1795	1836	1895	1940
1. -tjən						
2. -tjə						
3. -ti			-the			
4. -kən		-tjə		-tjə	-tji	-tji
5. -in			-che	-tji		
6. -tin						
7. -tgən						
8. -tji						
9. -jən		-jən x	-tə	-jə x	-ji	-ji
10. -jə		-jə	-i	-i	-i	-i
11. -ətjən				-tjə x		
12. -əkən		-ətjə		-tji	-ətji	-ətji
13. -əntjə						
14. -ptjə			-pi	-pi	-pi	-pi
15. (ont- breek)		(ont- breek)	(ont- breek)	-ki	(ont- breek)	-ki

/...

### 8.3.0 Die $\{-tjə\}$ -verkleiningsmorfeem

8.3.1 (1652) Die  $\{-tjə\}$ -verkleiningsmorfeem en sy fakultatiewe variante is aangetref na slotfoneme /e, x, l, m, n, p, r, s, t/

3.2 (1725) Die  $\{-tjə\}$  na finale /Vr, Vn/

3.3 (1797) Die  $\{-the\}$  na /Vr, Vn/

3.4 (1836) Die  $\{-tjə\}$  na /Vl, Vn, Vr/

3.5 (1895) Die  $\{-tji\}$  na /V̌l, V̌n en V̌r/

3.6 (1940) Die  $\{-tji\}$  na /V̌, V̌, V̌/  
/V̌l, V̌n, V̌r/

/V̌l, V̌n, V̌r/

/V̌l, V̌n, V̌r/

Die  $\{-tjə\}$ -vorm (1652) verander na  $\{-tji\}$ . Reeds in 1652 is die  $\{-tji\}$ -verkleiningsmorfeem aangetref by Van Riebeeck. Die verkleiningsmorfeem word aangetref na /Vl, Vn, Vr/. Die spreidingsgebied van die verkleiningsmorfeem bly nagenoeg dieselfde met verloop van tyd.

### 8.4.0 Die $\{-ətjə\}$ -verkleiningsmorfeem

4.1 (1652) Die  $\{-ətjə\}$ -verkleiningsmorfeem met sy fakultatiewe variante is aangetref na /V'l, V'ŋ, V'm, V'n, d/

4.2 (1725) Die  $\{-ətjə\}$ -verkleiningsmorfeem na finale /x/

4.3 (ontbreek in materiaal)

4.4 (1836) Die  $\{-ətjə\}$  x  $\{-ətji\}$  na finale /V'l, V'ŋ, V'm/

/...

- 8.4.5 (1895) Die {-ətji} na finale /V'l, V'm, V'ŋ ,  
V'r/  
 4.6 (1940) Die {-ətji} na finale /V'l, V'm, V'n, V'r/  
/Vŋ/

Die verkleiningsmorfeem toon 'n verandering van {-ətjə} 1652 tot {-ətji} 1836. In laasgenoemde tydvak kom {-ətjə} egter nog as fakultatiewe variant voor. Die spreidingsgebied toon by die morfeem ook 'n groot ooreenkoms. Van vroegsher af speel die gedektheid van die klinkerfoneem voor die slotfoneem 'n bepalende rol op die vorm van die verkleiningsmorfeem. Die [ə] in die auslout van die verkleiningsmorfeem het na [i] verander.

8.5.0 Die {-ptjə}-verkleiningsmorfeem

- 5.1 (1652) Die {-ptjə} kom voor na finale /Vm/  
 5.2 (1752) (ontbreek in materiaal)  
 5.3 (1795) Die {-pi}-verkleiningsmorfeem na finale /Vm/  
 5.4 (1836) Die {-pi} na /Vm/  
 5.5 (1895) Die {-pi} na /Vm/  
 5.6 (1940) Die {-pi} na /Vm/

Die {-ptjə}-vorm 1652 het verander tot {-pi} 1795. Die spreidingsgebied van dié verkleiningsmorfeemvorm kom deurgaans ooreen. Die /t/-variant wat in (1652) aangetref word, het verdwyn. Die [ə] -klank het verander na 'n [i]-klank.

8.6.0 Die {-jən} na slotfoneme /f,χ, k, l, p, s/

- 6.1 (1652) Die {-jə} x {-jən} is aangetref na /f,χ, k, l, p, s/

/...

- 8.6.2 (1725) Die  $\{-j\partial\}$  x  $\{-j\partial n\}$  na slotfoneem /f, s/  
 6.3 (1795) Die  $\{-i\}$  na slotfoneme /f, k, s/  
 6.4 (1836) Die  $\{-j\partial\}$  x  $\{-i\}$  na slotfoneme /f, k, p, s/  
 6.5 (1895) Die  $\{-i\}$  na slotfoneme /k, p, s/  
 6.6 (1940) Die  $\{-i\}$  na slotfoneme /f, x, k, p, s/

Die spreidingsgebied toon deurgaans 'n groot ooreenkoms. Alleen die slotfoneem speel hier die deurslaggewende rol by die bepaling van die vorm van die verkleiningsmorfeem. Die  $\{-j\partial n\}$  (1652) het verander tot  $\{-i\}$  1795. In Tregardt se taalgebruik (1836) kom die  $\{-j\partial\}$ -vorm nog sporadies voor. Hier word verlies van die /j/-variant opgemerk met verandering van [ə] na [i]-klank.

- 8.7.0 Die  $\{-j\partial n\}$  na slotfoneem /t/  
 7.1 (1652) Die  $\{-j\partial n\}$  x  $\{-j\partial\}$  na slotfoneem /t/  
 7.2 (1725) Die  $\{-j\partial\}$  na slotfoneem /t/  
 7.3 (1795) Die  $\{-\partial\}$  na slotfoneem /t/  
 7.4 (1836) Die  $\{-j\partial\}$  na slotfoneem /t/  
 7.5 (1895) Die  $\{-j\partial i\}$  na slotfoneem /t/  
 7.6 (1940) Die  $\{-j\partial i\}$  na slotfoneem /t/

Die  $\{-j\partial n\}$  1652 het eers verlies van /n/-variant getoon. Die vorm  $\{-j\partial\}$  het verander na die  $\{-j\partial i\}$ -vorm 1940. Selfs tot 1895 kom die  $\{-j\partial\}$ -vorm nog sporadies voor in die gebied. Verder toon [ə] 'n verandering na [i]-klank in die verkleiningsmorfeem.

/...

8.8.0 Die ontwikkeling van die {-ki}-verkleiningsmorfeem

- 8.1 (1652) -                    "                    "  
8.2 (1725) - (ontbreek in materiaal)  
8.3 (1795) -                    "                    "  
8.4 (1836) na slotfoneem /ŋ /  
8.5 (1895) - (Slegs in uitspraak, bv. frouki)  
8.6 (1940) Die {-ki} na slotfoneem /ŋ̣/

Uit die skryftaal is die ontwikkelingsgang van die {-ki}-verkleiningsmorfeem nie duidelik aan te toon nie. In Van Riebeeck se taal is wel 'n vorm {-kən} aangetref, maar die vorm se spreidingsgebied stem nie ooreen met die spreidingsgebied van die latere {-ki}-morfeem nie. Woorde met slotfoneem /ŋ/ wat 'n verkleiningsmorfeem neem is deurgaans min aangetref in die materiaal wat gebruik is. Stamme met slotfoneem /ŋ/ waarby 'n verkleiningsmorfeem sou gepas het, is sonder die verkleiningsmorfeem aangetref.

„'n Kleijne VerEering" kom selfs voor in De Cuiper se taal in 1725 (Van der Merwe, 1964, p.204) wat byna deurgaans 'n verkleiningsmorfeem aan die woord, na klein voeg.

Die geskiedenis lewer egter definitiewe bewys dat die {-ki}-morfeem in die gesproke taal reeds so vroeg as 1836 in Trigardt se Dagboek aangetref word.

/...



## 8.9 Vormvastheid en slytasie

Deur die verkleinwoorde diachronies te vergelyk kan die verskynsels van vormvastheid en slytasie in sommige gevalle goed geïllustreer word aan die hand van voorbeelde. Die vorm mant kan dien as voorbeeld. Tot by Tregardt in 1836 word die vorm mant met sy verkleiningsvorm mantje daarnaas aangetref soos blyk uit die aanhaling: „Brag aan mijn vrouw een mant patatas en een grote mant meel; heb ik hem een skaap gegeeven ". (Le Roux, 1966, p. 48). By Tregardt het die verkleiningsmorfeem  $\{-j\}$  nog nie slytasie vertoon nie, want dit word nog gebruik vir verkleining (Kempen, 1940, p. 58). By Du Toit in 1895 vertoon die verkleiningsmorfeem  $\{-ji\}$  in die geval mantji egter al tekens van afslyting. Dit word deurgaans in die diminutiefvorm aangetref ongeag in watter sin dit gebruik word. In 1940 verwys Kempen (p. 59) na die vorm mand as 'n Nederlandisme. Hier moet weer gekonstateer word dat diachronie en sinchronie mekaar aanvul. Vidos (1956, p. 103) stel dit as volg: „De twee methoden moeten elkaar aanvullen, wanneer wij voortdurend kunnen vaststellen, dat de geschiedenis, de evolutie, de dynamiek voor onze ogen sporen in de ruimte achterlaat en dat een taalkundige opelkaarvolging met een geographisch naastelkaarzijn, met een 'synchronie géographique' nouw samenhangt ". Die  $\{-ji\}$ -verkleiningsmorfeem vertoon nou ten volle afslyting. 'n Vorm mandjietjie word geskep om verkleining aan te toon. Daar moet onderskeid gemaak word tussen 'n vorm soos mandjietjie en die dubbel-  
/... formasies

formasies soos puisietjie en huisietjie (Kempen, 1940, p. 60). Laasgenoemde twee vorme, in teenstelling met mandjietjie, word sonder die {-tji}-verkleiningsmorfeem in die auslout as verkleinwoorde gebruik.

#### 8.10 Die ontwikkeling van die ie-houdendheid

Van Riebeeck is afkomstig uit 'n gebied wat arm was aan verkleiningsmorfeme wat 'n [i]-klank bevat het, naamlik Utrecht (Kloeke, 1952, p. 93). Uit 'n totaal van 14 verkleiningsmorfeemvorme by Van Riebeeck word slegs drie verkleiningsmorfeemvorme aangetref wat 'n [i]-klank bevat. Die verkleiningsmorfeme wat 'n [i]-klank bevat het op eie bodem egter gebloei. By Tregardt vertoon drie verkleiningsmorfeemvorme uit 'n totaal van sewe vorme reeds 'n [i]-klank. Reeds in 1895 vertoon alle verkleiningsmorfeme by Du Toit aangetref 'n [i]-klank. Die Afrikaanse taal toon die voorliefde vir die /i/-variant nie net by die verkleiningsmorfeme nie, maar die [i]-klank word ook in baie ander gevalle aangetref. Die Franse uitgang „age" word -asie soos in boskasie. Die Engelse „tion"-uitgang word -sie soos in posisie.

Die Afrikaanse verkleiningsmorfeem het dus, wat die [i]-klank betref, 'n eie ontwikkelingsgang op eie bodem gevoer. (Kloeke merk in 1950 reeds op dat die Afrikaanse verkleiningsmorfeem deurgaans 'n „ie-houdende karakter" vertoon.)

Interessant is dat van vroegsher ook in Nederlands verkleiningsmorfeme met 'n [i]-klank voorkom. Die Nederlanders vermy egter die [i]-klank by die ver-  
/... keiningsmorfeme

kleiningsmorfeme in die skryftaal. Voorts sal die menings oor dié verskynsel in Nederlands hier gestel word, want: „De Geschiedenis van het Afrikaans is niet volledig te begripen zonder 'n voortdurende inwerking van het beschaafde Nederlands op de taal van de kolonisten aan te nemen " (Scholtz). In die geval van die voorkoms van die [i]-klank in die verkleiningsmorfeme vertoon Afrikaans egter 'n eiesoortige ontwikkeling. Die Nederlanders se neiging is weg van die [i]-klank in die verkleiningsmorfeme, terwyl in Afrikaans die ontwikkeling in die rigting van die [i]-klank is, by die verkleiningsmorfeme. Kloeke (1950, p. 135) dui op die verskil in die twee rigtings as volg: „Populair uitgedrukt kan men zeggen: wij Hollanders hebben in de grond van ons hart dezelfde voorliefde voor die trochee op -ie als de Afrikaners, maar we worden door bij-overwegingen (deftigheid) geremd om daaraan volop toe te geven en bestrijden nu, bij onszelf en anderen, de in het Hollandse taaleigen passende diminutiva op -ie ". Cohen (1958, pp. 44-5) se uitlating oor voorkoms van die [i]-klank in die verkleiningsmorfeme in resente Nederlands klink heftiger: „Interessant is misschien op te merken dat er onbeschaafde -ie-vormen optreden in alle gevallen waar geen /t/ in het suffix voorkomt: bv. wel: apie, streepie, pakkie, boffie, draffie, dassie, vissie, lachie, oogie, boompie, hempie enz. maar niet \* gaatie \* houtie \* beetie of \* bonnetje \* bulletie e.d.".

Die [i]-klank is onteenseglik van Nederlandse afkoms want Kloeke (1950, p. 134) het die volgende uiters

/... gelangrike

belangrike opmerking oor die [i]-klank gemaak:  
„Omgekeerd moet de bloeitijd van bakkie en koppie  
in de 17de eeuw al zijn begonnen, anders had het type  
niet naar Afrika en Amerika kunnen worden geëxporteerd”.

#### 8.11 Fakultatiewe variante

Die verskynsel van fakultatiewe variante by die verkleiningsmorfeem toon ook verandering wat omvang van voorkoms betref. By Van Riebeeck (1652) word die verskynsel in hoë mate aangetref. Uit Kempen (1940) se materiaal blyk dit duidelik dat die verskynsel tot die minimum beperk is.

#### 8.12 Slotopmerking

Die Afrikaanse verkleiningsmorfeem het onteenseglik op eie bodem 'n eiesoortige ontwikkelingsgang deurgemaak. 'n Unieke kenmerk van die Afrikaanse verkleiningsmorfeem is dat dit deurgaans 'n [i]-klank bevat. Die Afrikaanse verkleiningsmorfeem toon ook spore van invloed van die Nederlandse dialektale van die 17de eeu. Die verskillende vorme is saam met Van Riebeeck hierheen ingevoer, maar het hier 'n eie ontwikkeling deurgemaak.

B R O N N E L Y S

1. BLOCH, B. & G.L. Trager, 1942. Outline of Linguistic Analysis. Baltimore.
2. BOSHOFF, S.P.E. & G.S. Nienaber. 1967. Afrikaanse Etimologieë. Pretoria.
3. BOSMAN, D.B. 1928. Oor die ontstaan van Afrikaans. Amsterdam.
4. BOSMAN, D.B. & H. Thom. 1955. Dagregister Deel I en II. Kaapstad.
5. BRINKMANN, H. 1962. Die deutsche Sprache; Gestalt und Leistung. Dusseldorf.
6. COHEN, A. 1958. Het Nederlands Diminutiefsuffix; een morfonologische Proeve. De nieuwe Taalgids. Jaargang 51. Groningen.
7. DE GROOT, A.W. 1962. Inleiding tot de Algemene Taalwetenschap. Groningen.
8. DE VILLIERS, M. 1965. Afrikaanse Klankleer (Fonetiek, Fonologie en Woordbou). Kaapstad.
9. DU TOIT, S.J. 1876. Eerste Beginsels van die Afrikaanse Taal. Kaapkolonie.
10. DU TOIT, S.J. 1895. Di Geskiedenis van ons Land in di Taal van ons volk. Paarl.
11. DU TOIT, S.J. 1902. Fergelykende taalkunde fan Afrikaans en Engels. Paarl.
12. FRANKEN, J.L.M. 1938. Duminy-Dagboekie. Kaapstad.
13. FRANKEN, J.L.M. 1953. Taalhistoriese Bydraes. Kaapstad.
14. GLEASON, H.A. 1960. An introduction to descriptive Linguistics. New York.
15. HOCKETT, C.F. 1959. A Course in modern Linguistics. New York.
16. HOOGENHOUT, C.P. 1883. Die Geskiedenis van Josef. Paarl.

/...

17. KEMPEN, W. 1962. Woordvorming en Funksiewisseling in Afrikaans. Elsie'srivier.
18. KEMPEN, W. 1940. Die verkleinwoord in Afrikaans. Kaapstad.
19. KLOEKE, G.G. 1950. Herkomst en Groei van het Afrikaans. Leiden.
20. KLOEKE, G.G. 1952. Ostniederländische Diminutiva. Verzamelde Opstellen. Assen.
21. LE ROUX, J.J. 1947. Die bou van die Afrikaanse Taal. Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner. Kaapstad.
22. LE ROUX, T.H. 1961. Die taal van L. Trigardt se Dagboek is in wese Afrikaans. Standpunte XIV, No. 5. Parow.
23. LE ROUX, T.H. 1966. Die dagboek van Louis Trigardt. Pretoria.
24. LE ROUX, T.H. & J.J. Le Roux. 1963. Middel nederlandse Grammatika. Pretoria.
25. LEHMANN, W.P. 1963. Historical Linguistics - an Introduction. New York.
26. LOUW, S.A. 1948. Dialekvermenging en taalontwikkeling. Kaapstad.
27. NIENABER, G.S. 1942. Afrikaans tot 1860. Johannesburg.
28. NIENABER, G.S. & P.J. Nienaber. 1949. Opkoms van Afrikaans as kultuurtaal.
29. NIENABER, P.J. 1967. Uit ons Letterkunde. Pretoria.
30. PIENAAR, P. de V. & T.H. Le Roux. 1927. Afrikaanse Fonetiek. Kaapstad - Johannesburg.
31. PRELLER, G.S. 1917. Dagboek van Louis Trichardt (1836 - 1838). Bloemfontein.
32. RAIDT, E.H. 1967. Oor die skeiding van die sinchroniese en die diachroniese taalstudie. Taalfasette (Taalkongresverhandelings). Deel 3. Pretoria.

/...

33. REICHLING, A. 1965. Verzamelde studies over hedendaagse probleme der Taalwetenskap. Zwolle.
34. ROOSE, H. 1964. Het probleem van de Woordsoorten. London - Parys.
35. ROUX, P.J.A. 1967. Referensietegniek. Pretoria.
36. SCHOLTZ, J. du P. 1963. Taalhistoriese Opstelle. Pretoria.
37. SCHOLTZ, J. du P. 1965. Afrikaans uit die vroeë tyd. Kaapstad.
38. SCHOLTZ, J. du P. 1939. Die Afrikaner en sy Taal. Kaapstad.
39. SMUTS, J. 1959. Die Woordeskat van 'n Voortrekker. Tydskrif vir Wetenskap en Kuns - nuwe reeks Deel 19. Okt. Pretoria.
40. VAN DER MERWE, H.J.J.M. 1958. Die Prioriteit van die Kaapse Teks van Jan van Riebeeck se Dagregister. Pretoria.
41. VAN DER MERWE, H.J.J.M. 1960. Die tweeklanke en Verkleinwoorde by Van Riebeeck. Tydskrif vir Wetenskap en Kuns. Deel XX. Pretoria.
42. VAN DER MERWE, H.J.J.M. 1964. Scheepsjournael ende Dagregister. Pretoria.
43. VAN DER MERWE, H.J.J.M. 1967. Die korrekte Woord. Pretoria.
44. VIDOS, B.E. 1956. Handboek tot de Romaanse Taalkunde. Malmberg Hertogenbosch.